# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## GRAAD 12

## LEERDERONDERSTEUNINGSGIDS (LOG)

**Januarie 2015**

SOUTH-AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

**INHOUDSOPGAWE** **Bladsy**

- ❖ **INLEIDING** 4
- ❖ **POëSIE:** 5
  - ➢ Poësie Terminologie 5
  - ➢ Gedigte
    - *Klein vrede – Antjie Krog* 7
    - *So long Skipskop – David Kramer* 9
    - *Harlekyn van die dieretuin – S.J. Pretorius* 11
    - *Die miljenêr se kombuis – Peter Blum* 13
    - *Sê nou – A.G. Visser* 14
    - *Brief – Ternel REEL Abrahams* 16
    - *Life van die jobless – Magmoed Martin* 18
    - *My siel, Pa – Marie van Rensburg* 20
    - *Eksamenlokaal – Suzaan Laing* 22
    - *Melkkantien – Elisabeth Eybers*
- ❖ **ROMAN:**
  - ➢ *Hanna Hoekom – Marita van der Vyver* 23
  - ➢ *Kontekstuele vrae* *36*
- ❖ **DRAMA:**
  - ➢ *Paljas – Chris Barnard* 38
  - ➢ *Kontekstuele vrae* *40*
- ❖ **KORTVERHALE - *STORIEJOERNAAL***
  - ➢ *(Bl. 54) Die Engelman – Izak de Vries* 43
  - ➢ *(Bl. 218) Die goue kitaar - Heinrich van der Mescht* 43
  - ➢ *(Bl. 47) Die storie van Piet se oupa – Abraham de Vries* 45
  - ➢ *(Bl. 213) Kaptein Duiwel – Dana Snyman* 46
  - ➢ *(Bl. 8) My tante wat in Chelsea woon – Hennie Aucamp* 47
  - ➢ *(Bl. 31) Tot siens Stan Harrison – Stephan Bouwer* 49
  - ➢ *(Bl. 18) Uhuru –Johan C. Bakkes*
  - ➢ *(Bl. 189) Plaaskind – Riana Scheepers*
- ❖ **MOONTLIKE ANTWOORDE OP VRAE IN DIE ONDERSKEIE GENRE:**

**POËSIE**


- *Klein vrede – Antjie Krog* 57
- *So long Skipskop – David Kramer* 57
- *Harlekyn van die dieretuin – S.J. Pretorius* 58
- *Die miljenêr se kombuis – Peter Blum* 58
- *Sê-nou – A.G. Visser* 59
- *Brief – Ternel REEL Abrahams* 59
- *My siel, Pa – Manie van Rensburg* 60
- *Life van die jobless – Magmoed Martin* 60
- *Eksamenlokaal – Suzaan Laing* 61
- *Melkkantien – Elisabeth Eybers* 61


**ROMAN**



- *Hanna Hoekom – Marita van der Vyver* 63


**DRAMA**


- *Paljas – Chris Barnard* 65


**KORTVERHALE**


- *Die engelman (vir Cila) – Izak de Vries* 66
- *Die goue kitaar – Heinrich van der Mescht* 66
- *Die storie van Piet se oupa – Abraham H. de Vries* 67
- *Kaptein Duiwel – Dana Snyman* 67
- *My tante wat in Chelsea woon – Hennie Aucamp* 68
- *Tot siens Stan Harrison = Stephan Bouwer* 69
- *Uhuru – Johan Bakkes* 70
- *Plaaskind – Riana Scheepers* 76

# INLEIDING

Hierdie leerderondersteuningsgids (LOG) is saamgestel om jou te help om sukses te behaal in die Graad 12-Afrikaans EAT letterkunde-eksamen. Dit bied ‘n opsommingvan die inhoud, aantekeninge, besprekings en vrae van die vier genres wat jou sal help met jou eksamenvoorbereiding.
Jy moet egter slegs **TWEE** genres deur die jaar bestudeer waarin jy toetse en eksamens sal skryf. Jy kan dus byvoorbeeld die volgende bestudeer en dit dan so in die toetse en eksamens toepas:

- *Poësie en Kortverhale*
  ***OF***
- *Paljas en Kortverhale*
  ***OF***
- *Hanna Hoekom en Poësie*
  ***OF***
- *Paljas en Hanna Hoekom*

LET WEL: Bogenoemde is net ‘n voorbeeld, maar **enige twee** genres moet gedoen word. Jou Assesseringsentrum sal jou hier van hulp kan wees.

Moet asseblief nie net staatmaak op die inhoud van die studiegids nie. Die genres wat jy kies, moet met insig en begrip gelees word. Daar word deurentyd verwys na die bladsynommers van die boeke waarin sekere antwoorde van die vrae gevind kan word, dus is die doel van die studiegids om jou ten volle te vergewis van die inhoud van die genres.
**ELKE BOEK MóéT GELEES WORD!**

Die eksamenvraestel bestaan uit **VIER**afdelings:

**AFDELING A:** Hanna Hoekom (Roman) (35 punte)
**AFDELING B:** Paljas (Drama) (35 punte)
**AFDELING C:** Kortverhale (35 punte)
**AFDELING D:** Poësie (35 punte)

Jy sal gevra word om ‘n totaal van **TWEE vrae van ENIGE TWEE afdelings** (onthou: die genres wat jy behandel het) vir 70 punte te beantwoord.

Mag hierdie studiegids vir jou net inspirasie inhou met jou eksamenvoorbereiding.

# POëSIE

## Poësie Terminologie

- **STROFE**
Dit bestaan uit ‘n aantal verse (versreëls wat ‘n groepie of eenheid vorm).
Soorte strofes:
    - Koeplet (2 reëls)
    - Tersine (3 reëls)
    - Kwatryn (4 reëls)
    - Sekstet (6 reëls)
    - Oktaaf (8 reëls)

- **DIGVORME**

***DIE SONNET***
Bestaan uit 14 versreëls.

***ITALIAANSE SONNET***
- 14 Versreëls.
- Opgebou uit twee kwatryne. (Strofe met vier versreëls)

**ENGELSE SONNET / SHAKESPEARE SONNET**
- 14 Versreëls.
- Drie kwatryne. (Strofe met vier versreëls)
- Rymende koeplette. ( Strofes bestaan uit twee versreëls)

- **ALLITERASIE EN ASSONANSIE**
    - **Alliterasie** is die **herhaling** van dieselfde **konsonante** in ‘n versreël. *(So long Skipskop - Reël 16),*
    - **Assonansie** is die **herhaling** van dieseflde **vokale/diftonge** in ‘n versreël. *(So long Skipskop -Reël 23)*

- **ISOLERING**
‘n Afsonderlike sin, sinsdeel of woord as gevolg van spasies weerskante trek die aandag. *(Brief -Reël 19, 20, 22, 23)*

- **ATMOSFEER**
Dit is die emosies wat die gedig in jou losmaak. (Die trant van die gedig) Hartseer, vrolik, opgewek, morbied, humoristies.

- **TEMA**
Die is waaroor die gedig eintlik handel. Wat wil die digter vir die leser sê?

- **RETORIESE VRAAG**
Dit is ‘n vraag wat nie ‘n antwoord verwag nie. *(My siel, Pa)*

- **VERGELYKING**
  Twee sake van verskillende aard word met mekaar vergelyk as gevolg van een of meer ooreenkomste, kenmerke deur *soos, nes, as, net soos* ens. te gebruik. *(Melkantien -Reël 3)*

- **METAFOOR**
  Dit is ‘n vergelyking sonder die woordjie <u>soos</u>. (*Klein vrede -Reël 11)*

- **PERSONIFIKASIE**
  Dit is wanneer ons aan die natuur, lewelose voorwerpe, diere en abstrakte begrippe die eienskappe van lewende wesens toeskryf.*(Eksamenlokaal -Reël 8)*

- **KONTRASTE**
  Twee teenstellende gedagtes of woorde trek maklik die aandag. *(Eksamenlokaal, eerste strofe)*

- **IRONIE**
  Op spottende wyse word die teenoorgestelde gesê as wat bedoel word.
  *(Harlekyn van die dieretuin)*

- **HERHALING / REFREIN**
  Herhaling van, onder andere, heffinge en dalinge, klanke, woorde, sinskonstruksies, verse, strofes om die indruk te versterk en klem te plaas.
  *(So long Skipskop -Reël 15 – 19; Reël 29 – 33)*

- **ELLIPS**
  Die weglating van woorde om ‘n gedagte te laat aangaan of dit laat die leser aan sy eie gedagtes oor*(Klein vrede -Reel 12)*

- **KLANKNABOOTSING**
  Die klanke word met woorde omskep. (*Klein vrede -Reël 18)*

- **SATIRE**
  ‘n Komiese gedig wat baie snaaks is en ‘n mens laat lag.*(Die miljenêr se kombuis).*



# GEDIGTE

**Klein vrede – Antjie Krog**

1. Vanmiddag wag sy vir hom in ‘n klein hoëmuurhuisie
2. half toe-oog ingekruip agter ‘n straatstoepie

3. 5.12 hang hy sy hoed aan die haak
4. trek sy baadjie uit en sy gooi kookwater deur die koffiesak

5. vee haar hande aan die geblomde voorskoot en wag darem
6. dat hy haar eers teen hom vasdruk, so skuinserig met die een arm

7. voor sy hom die dag se nusies vertel
8. die gat in die heining, die hond, Anna-jannie het gebel

9. Na ete haal sy die Bybel uit die boonste laai
10. en hy lees vir hulle van Israel se afgode teen die berg Sinaï

11. haar hande vou ‘n stopskulp in syne as sy bid:
12. Onse Vader wat hoog bo die aarde in die hemel sit …

13. Die maan rys soos ‘n koringmeelbrood bokant die dak
14. sy was die skottelgoed met lifebuoy en ‘n omgesoomde meelsak

15. hy luister nuus op die treetjie by die agterdeur
16. oor dinge wat met ander mense in die wêreld gebeur

17. Later as die luggie begin trek
18. die windpomp klap-klap in die dam in lek

19. sit hy die sproeier af, maak die hoenderhokke toe
20. sit die kat uit en kom langsaam kamer toe.

21. In die na-nag as die wind uit die noorde begin
22. skuif die maan oor hul bed dieper die kamer in

23. tot op die woorde geraam in krulle:
24. My vrede gee Ek julle.

*Uit: Mannin, 1974*

**Verduideliking**

- Hierdie gedig speel af in ‘n gewone wêreld wat nie gekompliseerd is nie. Dit is eenvoudige, goeie mense met ‘n mooi verhouding, maar hulle leef apart van die gemeenskap of van ander mense.
- Die woorde in die laaste reël is gebaseer op ‘n Bybelteks: Mattheus. 5: 1 – 9.
  Die rustige lewe van die man en vrou is tog tydsgebonde en hulle lewe vorm ‘n vaste patroon en roetine:
    - Sy wag vir hom in die middae op die stoepie wat op die straat uitkyk.

- Om presies twaalf minute oor vyf elke dag, hang hy sy hoed aan die haak en trek sy baadjie uit, waar sy dan koffie maak en vir hom wag om sy arm om haar te sit en haar te omhels.
- Sy vertel vir hom al die nuus van die dag wat op die omgewing gerig is.
- Na ete hou hulle huisgodsdiens en wanneer hulle bid, vou haar hande soos ‘n stopskulp. Sy gaan was dan skottelgoed en hy sit op die trappie van die stoep terwyl dit donker word en die maan opkom en luister nuus oor die radio van wat in die wêreld gebeur.
- Die windjie begin waai, die windpomp begin draai en ‘n dun straaltjie water stoot in die dam op.
- Hulle gaan slaap, die maan skyn deur die venster op die geraamde Bybelteks.

**Woordverklaring:**

- Koffiesak – ‘n sakkie wat gewoonlik van meelsakke gemaak word om in die koffiepot wat op die stoof staan, te plaas, gemaalde koffie word dan daarin geplaas, water opgegooi sodat dit deur die meelsak filtreer.
- Stopskulp - n Eiervormige houtapparaatjie wat die oumense gebruik het om kouse mee te stop.
- Na-nag – Na twaalf uur in die nag.

**Vrae**

1. Watter soort gedig is “Klein vrede”?
2. Haal al die tydwoorde aan om te wys hoe die tyd verbygaan.
3. Beskryf die huisie waar die egpaar bly, en alles wat op die erf is.
4. Hoe word die huise gepersonifseer?
5. Wie is die twee karakters wat daagliks die ritueel van middag na aand volg?
6. Watter ritueel volg die man daagliks wanneer hy tuiskom?
7. Waarmee begin die vrou se roetine met haar man se tuiskoms?
8. Wys op die alliterasie in strofe 2 en onderstreep die allitererende klanke.
9. Watter woord wys dat die vrou so haastig is om die dag se gebeure te vertel dat sy haar man amper nie groet nie?
10. Hoe groet die man sy vrou, wat op beskerming dui?
11. Waarom word “nusies” en nie “nuus” gebruik nie? Gee ‘n bewys uit die gedig.
12. Wat dink jy beteken “Anna-jannie”?
13. Waar bêre hulle die Bybel?
14. Hoe hou hulle saam huisgodsdiens, wat ook deel van hulle bekende lewe is?
15. Watter beeldspraak is “haar hande vou ‘n stopskulp in syne”?
16. Hoe maak die vrou die tradisionele “Onse Vader” haar eie?
17. Wat is die doel van die ellips/stippels aan die einde van reël 12?
18. Haal die vergelyking aan oor die maan wat opkom.
19. Gebruik die vrou ‘n gekoopte afdroogdoek? Bewys jou antwoord deur twee opeenvolgende woorde aan te haal.
20. Wat doen die man terwyl sy vrou skottelgoed was?
21. Is die volgende stelling waar of onwaar? Bewys jou antwoord.
    *Die man is betrek by die nuus waarna hy oor die radio luister.l*
22. Van watter stylfiguur is “die windpomp klap-klap” ‘n voorbeeld?
23. Haal die een woord aan wat beskryf hoe die water stadig in die dam inloop.
24. Watter aandwerkies doen die man voor hy gaan slaap?
25. Kom die man dadelik na die aandwerkies slaap? Gee een woord as bewys.
26. Wat gebeur laat in die nag?
27. Waarop skyn die maanlig?

*28.* In die egpaar se eenvoudige lewe ervaar hulle 'n klein (a) _______, soos in die (b) ____aangedui. Aan die einde vertel die spreker van (c) _____ se grootste vrede omdat die mense tevrede lyk met dit wat met en om hulle gebeur.
*29.* Watter atmosfeer heers in die gedig?
*30.* Is dit 'n eerste- of derdepersoonspreker wat aan die woord is?

**So long Skipskop – David Kramer**

1. Pak op pak op
2. sit jou goedjies op jou kop
3. môre gaan ons weg
4. ver van hier weg
5. Skipskop Skipskop
6. wanneer hou die dinge op
7. swaarkry lê net voor
8. die blou berge oor

9. Overberg se mens is ek gebore
10. op die plek Skipskop
11. nes my pa en sy pa ook
12. hier deur die duine loop onse spore
13. hier op die beach hier langs die see

14. is ek gedoop
15. Wat ken ek anders as die bloudam se branders
16. die wolke en die winde wat hier waai
17. Verkoop jou bootjie
18. pak op jou goedjies
19. sê ma So long Skipskop Skipskop

20. sê goodbye
21. Linkerhand regterhand watsekant
22. lê die plek Misverstand
23. Asseblief meneer sê tog weer
24. is dit die pad wat ons moet môre vat

25. 'n Stukkie hier 'n stukkie daar
26. stukkies van my lewe lê nou deurmekaar
27. tel op tel op vir Shorty en vir Pop
28. gaan haal vir Apie en hou daai kindjie dop

29. Wat ken ek anders as die bloudam se branders
30. die wolke en die winde wat hier waai
31. Verkoop jou bootjie
32. pak op jou goedjies
33. sê ma So long Skipskop Skipskop
34. sê goodbye
35. sê ma So long Skipskop Skipskop
36. sê goodbye

*Van: David Kramer, Blik Music, 1986*

**Verduideliking**

- David Kramer skryf, toonset en sing sy eie lirieke met kitaarbegeleiding. “Skipskop” is een van sy bekendstes wat die verhaal vertel van ‘n bruin vissersgemeenskap wat onder regeringsbesluite gely het.
- Skipskop, ‘n klein dorpie, is geleë in die De Hoop Natuurreservaat in die Overberg. Die klein gemeenskappie, bestaande uit wit boere en veral bruin vissermanne, het al vir vier generasies in Skipskop gebly en het ‘n bestaan gemaak uit tradisionele visvang met rotsfuike.
- Hulle is in 1983 aan gedwonge verskuiwings onderwerp toe Armscor De Hoop as ‘n wapen- en missieltoetsterrein wou benut. Hulle is gedwing om hulle jare-lange huise te verlaat en kon nie meer hulle beroep as vissermanne beoefen nie. Kramer vertel dan hierdie vissermanne se storie in die liedjie “Skipskop”.
- As gevolg van gedwonge verskuiwing word afskeid geneem van Skipskop. Die verteller sê die bevel het gekom dat die vissermanne hulle min besittings, genoeg om op hulle koppe weg te dra, moet oppak. Hulle sal binnekort ver weg van Skipskop moet trek. Soos ‘n geroep om hulp word die retoriese vraag aan Skipskop, die dorpie, gestel wanneer “die dinge”, naamlik die gedwonge verskuiwings, dan sal ophou. Al wat in die toekoms op hulle wag, is swaarkry wanneer die vissersgemeenskap hiervandaan vertrek.
- Die verteller is op Skipskop in die Overbergdistrik gebore, soos sy pa en sy oupa. Hulle spore lê deur die duine op die strand. Hy is selfs hier op die strand gedoop. Al plek wat hy ken, is Skipskop se golwe, die wolke en die wind wat daar waai. Nou moet hulle hul bote verkoop, hul besittings oppak en vir Skipskop groet.
- Hulle moet na *Misverstand* verhuis en is onseker hoe om daar te kom. Is dit links of regs? Daarom vra hy aan die amptenaar (“meneer”) of dit regtig die pad is wat hulle moet volg. Is dit nie bloot ‘n misverstand nie? As gevolg van die verhuising lê sy lewe aan stukke, hy is verward en kan geen sin daarvan maak nie.
- Hy gee die opdrag dat Shorty en Pop, moontlik sy kinders, opgetel moet word – miskien ook om te wys dat almal, ook gesinne wat moet trek, onder die verskuiwing ly. Apie moet ook gehaal word en ‘n kindjie moet dopgehou word.
- In die koorgedeelte (refrein) herhaal hy dat die see, die winde en die wolke al wêreld is wat hy ken. Nou moet hulle hul bote verkoop en hul goedjies oppak en vir Skipskop groet. Dis asof Skipskop dan ook vir sy mense totsiens sê.

**Woordverklaring**

- Bloudam se branders – die see/oseaan se golwe.

**Vrae**

1. Hierdie gedig was oorspronklik ‘n (a) _____ wat deur (b) _____ getoonset en (c) ____ is.
2. Uit hoeveel strofes bestaan die gedig?
3. Wie is die verteller in die gedig?
4. Met wie praat die verteller?
5. Watter bevel ontvang Skipskop se inwoners?
6. Hoe word aangedui dat hulle besittings maar min is? Haal as jou antwoord een versreël aan.
7. Watter een woord sê dat hulle gou gaan vertrek?
8. Dat die vissers hartseer en moedeloos is, word met herhaling bewerkstellig. Watter woord word herhaal?
9. Waarna verwys die versreël “wanneer hou die dinge op”?
10. Die toekoms op ‘n nuwe plek, waar hulle nie kan visvang om aan die lewe te bly nie, gaan (maklik/moeilik) wees.

11. Bewys jou antwoord deur ‘n versreël aan te haal.
12. Wat word die herhaling van die laaste ses versreëls in die slotstrofe en in strofe 3 genoem?
13. Wat lê tussen die vissers en hulle nuwe woonplek?
14. In watter gebied is Skipskop geleë?
15. Op watter dorpie is die verteller gebore?
16. Hoe word bewys dat die verteller se familie al vir dekades of geslagte lank op Skipskop bly?
17. Waarvan is die baie spore op Skipskop se duine ‘n simbool?
18. Watter retoriese vraag word aan die begin van die refrein gevra?
19. Watter bevel word dan gegee wat hom sonder werk gaan laat?
20. Wat moet hy ook groet?
21. Dis dan asof Skipskop in gesprek tree en ook _____ sê.
22. Sou jy sê die vissers weet presies waar hulle nuwe tuiste geleë is?
23. Haal vier opeenvolgende versreëls as bewys aan om hulle onsekerheid uit te beeld.
24. Volg die woordorde van die vierde versreël die normale patroon?
25. Hoe dui die verteller deur herhaling aan dat baie verskillende dele van sy lewe orals op Skipskop te kry is?
26. Waardeur word ‘n gevoel van angstigheid oor die kinders verkry? Noem twee dinge.
27. Shorty, Pop en Apie is moontlik sy gesin se ________.
28. Watter soort taal kom in die gedig voor? Gee voorbeelde daarvan.
29. Wat is die atmosfeer van die gedig?
30. Wat is die tema van “Skipskop”?

**Harlekyn van die dieretuin – S.J. Pretorius**

Hy sien die agies …

Dan wip hy, skielik mal,
van paal na klip,
van klip na krip
en spat die water
venynig-woes
dat almal keer en koes,
maar as hul skater
vat hy die sak en vou
dit oor sy hoof;
verlate op ‘n ashoop rou
hy oor wat hulle van hom roof:
vér vlaktes en blou dolomiet –
‘n hopie grys verdriet.

*Uit; Die mummie en ander verse, 1963*

**Verduideliking**

- Die spreker sien die apie as die harlekyn van die dieretuin. Net soos die harlekyn is die apie waarskynlik daarop uit om die mense te laat lag, maar in sy binneste is hy verdrietig en hartseer.
- Die apie hou die dieretuinbesoekers dop. ‘n Besoeker aan die dieretuin kyk na die apie wat woes heen en weer in sy hok spring. Die apie spring van ‘n paal na ‘n klip en vandaar na sy drinkbak. Kwaad spat hy die water daarin sodat die mense moet keer en wegspring om nie natgespat te word nie. Sy woede-uitbarsting lok nie die reaksie uit wat hy verwag nie.

- Wanneer die besoekers lekker lag vir die apie, word hy bewus van sy magteloosheid. Hy vat sy sak en trek dit oor sy kop. Asof hy op 'n ashoop sit, soos Job in die Bybel, treur hy oor dit wat die mense van hom gesteel het: sy vryheid. Die wye vlaktes en die blou dolomiet-rotse is 'n simbool van dié Vryheid.
- Om die apie se hartseer te beklemtoon, verdwyn die apie onder die sak en sien 'n mens net 'n hopie verdriet.

**Woordverklaring**

- Harlekyn – nar, hanswors, "clown".
- Agies – mense wat nuuskiering is.
- Venynig – baie kwaad.
- Skater – uitbundig lag.
- Roof – steel.
- Dolomiet – 'n kalkagtige soort klip.
- Rou – treur oor iemand wat dood is.

**Vrae**

1. Wat is die harlekyn in die titel?
2. Waar kry 'n mens gewoonlik 'n harlekyn?
3. Wat moet die harlekyn in die sirkus doen?
4. Is dit gewoonlik die doel van 'n dieretuin-apie om mense te vermaak? Motiveer.
5. Wat verwag die besoekers aan die dieretuin van die apie?
6. Deur 'n _____ word die twee gelykgestel.
7. Wie is die agies?
8. Watter twee negatiewe eienskappe word aan hulle gegee?
9. Wat is die doel van die ellips?
10. Hoe word die apie deur middel van die tipografie van die gedig teenoor die agies gestel?
11. Watter handeling van die apie wys dat hy ontsteld is?
12. Wat is die doel daarvan?
13. Deur watter soort woorde en versreëls bewerkstellig die digter die vinnige bewegings van die apie?
14. Haal die woord aan wat beskryf dat die apie glad nie spelerig is wanneer hy die mense natspat nie.
15. Op watter drie maniere reageer die agies op die apie se uiting van woede?
16. Verstaan die agies dus dat die apie vir hulle kwaad is? Motiveer.
17. Waarop slaap die apie in sy hok?
18. Hoe wil die apie homself nou beskerm of wegkruip van die nuuskierig besoekers?
19. Hoe voel die apie nie?
20. Met wie, in 'n Bybelverhaal, wat ook op 'n ashoop gesit het, word hy indirek vergelyk?
21. As jy ongelukkig is, sê die spreekwoord dat jy in sak en _____ sit.
22. Wat word die beeldspraak in die versreël "verlate op 'n ashoop" genoem?
23. Oor wie rou 'n mens gewoonlik?
24. Waaroor rou die apie?
25. Weer word 'n _____ eienskap aan die apie gegee.
26. Hoe toon die verteller simpatie met die apie?
27. Waarvan het die mense die apie beroof?
28. Hoe word die laaste versreël "'n hopie grys verdriet" beklemtoon?
29. Dink jy die apie behoort die harlekyn van die dieretuinbesoekers te wees? Bewys jou antwoord.

**Die miljenêr se kombuis – Peter Blum**

1. ‘n Pellie van my, wat da’ wêk as kok,
2. het my vandag laat inloer innie huis
3. vannie ou miljenêr, sy baas, Kombuis?
4. Hy sou gasê het dis die Duncan-dok!

5. Tsaaina en messegoed tot anie nok,
6. Fridzidêrs volgaprop met piekfyn vleis,
7. eiers, vrugta en groentes oppie ys,
8. en die jele karkas van ‘n soort bok.

9. Toe sê hy, “Ennie kjeller’s die ena ena kroeg –
10. Whisky en brannewyn, dzien en muskedil.”
11. Toe sê ek, “Wragtie, dié baas is gaseën!

12. Ga’ hy nou patie skop? Daa’s oorganoeg
13. om twintag ouens ‘n week lank te laat smul.”
14. “Nei,” sê hy, “Die baas eet altyd alleen.”

*Uit: Steenbok tot Poolsee, 1955*

**Verduideliking**

- Die verteller se vriend is ‘n kok in die miljoenêr se kombuis. Die kok nooi hom toe om te kom kyk hoe die huis van die skatryk man lyk. Die besoeker was baie verbaas oor die grootte van die kombuis – jy sou dink dit is die Duncan-dok.
- Breekware en messegoed is hoog opmekaar gestapel; tot teen die bopunt van die dak. Daar is yskaste vol van die beste vleis, eiers, vrugte en groente en selfs die karkas van ‘n hele bok.
- Sy vriend, die kok, sê in die kelder is genoeg drank vir ‘n kroeg. Daar is whisky, jenewer en muskadel. Hierop was die verteller se reaksie dat die miljoenêr, die kok se baas, ‘n baie gelukkige man moet wees.
- Hy vra toe of die miljoenêr ‘n partytjie gaan hou, want daar is genoeg kos om twintig mans ‘n week lank te voed. Hierop was die kok se ironiese antwoord dat sy baas altyd alleen eet.

**Woordverklaring**

- <u>Karkas</u> – ‘n bok wat afgeslag is voordat die vleis opgesny word.

**Vrae**

1. Watter digvorm is “Die miljenêr se kombuis”?
2. Wat word in die oktaaf vertel?
3. Is daar ‘n verdieping in die sestet? Bewys jou antwoord.
4. Tussen watter twee mense vind die gesprek oor die miljoenêr se kombuis plaas?
5. Watter geselstaal gebruik die twee?
6. Gee vier voorbeelde van die geselstaal en ook hoe die gekose woorde normaalweg in Afrikaans sou lyk.
7. Is die stelling waar of onwaar? Haal een woord aan as bewys.
   *Die miljoenêr is nie jonk nie.*
8. Wat, in die miljoenêr se huis, het die verteller die meeste beïndruk?

9. "Kombuis? Jy sou gasê het dis die Duncan-dok!" Watter beeldspraak kom in die aanhaling voor?
10. Hoe weet die spreker van die Duncan-dok?
11. Opeenstapeling van feite word gebruik om op die oordaad/oorvloed te wys. Bewys hierdie stelling.
12. Is die vleis in die yskaste ondergraad? Bewys.
13. Wys op die alliterasie in die tweede kwatryn.
14. Watter vleissoort dink jy beïndruk die verteller die meeste? Waarom?
15. Wie beskryf die kelder?
16. Wat word in die kelder gebêre?
17. Hoe beskou die verteller die ryk man nadat hy die yslike kombuis vol kos gesien het en van die drankgevulde kelder gehoor het?
18. Waarvoor dink hy sal al die kos en drank gebruik word?
19. Haal een woord aan wat sê dat die mense heerlik gaan eet aan al die kos.
20. Watter ironiese antwoord gee die kok aan die verteller?
21. Haal die assonansie in die laaste twee versreëls aan en onderstreep die relevante klanke.
22. Wat is die atmosfeer/toon van die gedig?
23. Wat is die tema van die sonnet?

**Sê-nou – A.G. Visser**

Sê-nou is 'n lekker sê:
Alles wat 'n mens wil hê,
alles wat jou hart begeer,
kry jy daarmee en nog meer
Nooit kan jou die tyd verveel
as jy altyd sê-nou speel.
Sê-nou, sê ek aan my maat
toe ons saam loop langs die straat,
sê, byvoorbeeld, elke iets
van 'n motor tot 'n fiets,
perdekar of ossewa,
ryperd wat sy ruiter dra –
alles waarop mense ry,
kom onsigbaar hier verby,
net die mense – wat 'n klug! –
trek dan sit-sit deur die lug,
ooms te perd met lange baard
wip-wip luglangs doodbedaard;
snaaks sou wees die trem-wa daar,
twee verdiepings op mekaar,
maar die baie-sukkel trap
lyk my nog die grootste grap
as jy net die fietser sien
maar geen spoor van sy masjien!
Sê-nou, antwoord toe my maat,
jy hou op met onsin praat;
jy moet na die dokter gaan
met jou kop: daar skeel iets aan:
Sulke mal gedagtes kry
kom van mallemole ry!

*Uit: Ons prille jeug, 1930*

**Verduideliking**

- Die speletjie "Sê-nou" is lekker om te speel. Deur die woord te sê, kan jy alles en nog meer kry van dit wat jy graag wil hê.
- Die verteller sê aan sy vriend terwyl hulle in die straat af stap: Sê-nou byvoorbeeld dat alles wat verbykom, soos 'n motor, fiets, perdekar, ossewa of ryperd, onsigbaar is. Al wat jy kan sien, is die mense.
- Dit sal 'n mens lekker laat lag as ooms te perd met lang baarde wip-wip deur die lug trek; so ook die mense wat in die dubbeldekker tremwa sit. Die snaaksste van alles sal die fietsryer wees as jy net vir hom en nie sy fiets kan sien nie.
- Sê-nou, antwoord sy vriend sarkasties, dat jy ophou nonsens praat. Neem liewer jou kop na 'n dokter, want daar is iets verkeerd. Hierdie mal speletjie van jou is omdat jy op die mallemeule gery het. Sy vriend sê dus sy kop draai as gevolg van die draaiende mallemeule.

**Woordverklaring**

- Sê-nou – "maybe".
- Klug – dis nie waar nie.
- Onsin – nonsens.
- Daar skeel iets aan – daar is iets verkeerd in jou kop.
- Mallemole – mallemeule, "merry go round".

**Vrae**

1. Waarom is dit lekker om die speletjie "Sê-nou" te speel?
2. Hoe beklemtoon die spreker dat jy enigiets wat jy wens, sal kry?
3. Is die volgende stelling waar of onwaar? Bewys jou antwoord.
   *Jy kry net dit wat jy wens.*
4. As jy die Sê-nou-speletjie speel, sal jy nooit _____ raak nie.
5. Watter twee woorde in reël 5 en 6 wys op 'n teenstelling/kontras in tyd?
6. Wanneer begin die spreker die speletjie speel?
7. Watter voertuie en goed waarop mense ry, sien hy alles in die straat?
8. Waaraan kan ons sien dat die gedig al lank gelede geskryf is?
9. Watter Sê-nou-speletjie speel hy met al die voertuie?
10. Met watter woord word aangedui dat die voertuie nie gesien sal kan word nie?
11. Wie ry op 'n perd?
12. Wie ry op 'n fiets?
13. Wie ry in 'n motor?
14. Is die volgende stelling waar of onwaar? Bewys jou antwoord deur een woord uit die gedig aan te haal.
    *Dit sal glad nie snaaks lyk as 'n mens slegs die mense sien en nie hulle voertuie nie.*
15. Waar sal 'n mens die mense sien as jy nie hulle voertuie kan sien nie?
16. Sal die ooms wat in die lug sit, bekommerd wees daaroor?
17. Bewys dit (in vraaag 16) deur een versreël aan te haal.
18. Wat sal die prentjie nog snaakser maak as jy dink hoe die ooms lyk?
19. Hoe sal die mense lyk wat in 'n trem ry?
20. Wie gaan egter die snaaksste van al hierdie padgebruikers wees?
21. Hoekom dink die verteller so?
22. Watter bynaam gee hy vir die fiets?
23. Hoekom gee hy vir die fiets die bynaam?
24. Haal die idioom en woordspeling aan om te bewys dat daar niks van die fiets te sien sal wees nie.
25. Wie antwoord die verteller in die laaste ses versreëls?

26. Gee een woord om te beskryf hoe die maat die Sê-nou-speletjie beskou.
27. Na wie verwys hy?
28. Wat makeer sy kop?
29. Waardeur is sy deurmekaar kop veroorsaak?
30. Wat is die gevolg daarvan dat hy op die mallemeule gery het?
31. Gebruik die maat sy verbeelding en speel saam? Bewys jou antwoord.
32. Wat is die atmosfeer in die gedig?
33. Wat is die tema van die gedig?

**Brief – Ternel R. Abrahams**

1. Mammie, ek skryf ook vir Ma ‘n kaalvoet gedig
2. sommer so, nes Antjie
3. maar ek gebruik soms leestekens
4. en ek sal nie vir Mamma “jy” sê nie
5. want dit hoort vir my
6. nes plastiekblomme en wit skoene
7. nie by Ma nie.

8. Ek het grootgeword, weet Ma –
9. ek skrik soms vir myself
10. want my skoolbaadjie pas nie meer nie
11. my hare is lank
12. ek wil ‘n oorring dra
13. ek bid byna nooit nie
14. en ek glo nie sommer net in God nie
15. ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
16. – ek wonder of Ma van my verse sal hou –

17. Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly –
18. en ek het nie
19. kon nie
20. ‘skuus Mammie
21. Maar ek is nog Ma se kind
22. grootmenskind
23. anderster kind

*Uit: Tydskrif vir Letterkunde, 1989*

**Verduideliking**

- Die jong man sê aan sy ma dat hy vir haar ‘n reguit, eenvoudige-gedig skryf net soos Antjie (Krog) s’n.
- Sy gedig verskil egter, want hy gebruik soms leestekens en hy spreek sy ma nie as “jy” aan nie. Hy voel dat “jy” net so min by sy ma pas as plastiekblomme en wit skoene.
- Hy verseker haar hy het grootgeword. Sy skoolbaadjie pas nie meer nie, so groot het hy geword, en dit laat hom skrik. Hy het ook in ander opsigte verander: sy hare is lank, hy wil ‘n oorring dra en hy bid nie altyd nie. Hy glo ook nie meer sommer in God nie en hy dink, praat en skryf oor die dood. Hy dink nie sy ma gaan van sy gedigte hou nie.

- Hy weet sy ma sou nie wou hê hy moet klein bly nie. Hy het nie, want hy kon nie. Hy vra sy ma om verskoning vir die dinge wat in sy lewe verander het waarvan sy nie sal hou nie. Hy verseker haar dat hy nog haar kind sal bly.

**Vrae**

1. Wie is die spreker in die gedig?
2. Die spreker kommunikeer met sy ma nie met ‘n gedig nie, maar met ‘n (a) ______ en daarom is die eerste woord (b) ______.
3. Watter gevoel spreek duidelik uit die aanspreekvorm “Mammie”?
4. Watter woord wys vir die leser dat iemand anders ook al ‘n kaalvoet gedig geskryf het?
5. Met wie se gedig kan “brief” vergelyk word en na watter gedig word verwys?
6. Hoe sou jy ‘n “kaalvoet gedig” beskryf deur na “Brief” as voorbeeld te verwys?
7. Die spreker/”ek” gebruik wel ‘n paar leestekens in die gedig. Watter gebruik hy?
8. Die gedig is dus ‘n bietjie meer (formeel/informeel) as Krog se gedig.
9. Waarom sal die spreker sy ma nie as “jy” aanspreek nie?
10. Hoe spreek die spreker sy ma deurgaans aan? Gee drie aparte woorde.
11. Hoekom, dink jy, pas “plastiekblomme en wit skoene” ook nie by sy ma nie?
12. Watter rede gee die spreker dat hy partykeer vir homself skrik?
13. Waarom pas die spreker se skoolbaadjie nie meer vir hom nie?
14. Watter uiterlike teken is daar dat hy hom nou nie meer aan grootmense hoef te steur nie?
15. Watter wens koester die spreker wat miskien nie sy ma se goedkeuring sou wegdra nie?
16. Kies twee eienskappe in Kolom B vir elke omskrywing van die briefskrywe se grootword in Kolom A. Gee die nommer, letter en antwoord.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 16.1 fisiek grootgeword | (a) kan selfs oor die dood praat |
| 16.2 emosioneel grootgeword | (b) begeer ‘n oorring |
| 16.3 geestelik grootgeword; selfstandige denke/ dink nou self | (c) bid nie meer nie |
| | (d) skoolbaadjie is te klein |
| | (e) glo nie blindelings in God nie |
| | (f) hare is lank |

17. Watter ontwikkeling vind daar deur die jare in die spreker plaas?
18. Is die volgende stelling waar of onwaar?
    *Al is hy nou groot, is hy tog nog afhanklik van sy ma se goedkeuring*.
19. Bewys jou antwoord deur ‘n versreël aan te haal.
20. Waaroor vra die spreker verskoning?
21. Waarom is die spreker half onseker oor die feit dat hy grootgeword het?
22. Ten spyte daarvan dat die spreker verander het, is hy nog steeds sy (a) ______ se kind, met ander woorde hy is nog (b) _____ vir haar.
23. Gee ‘n woord uit strofe 3 wat “jammer” beteken.
24. Wys hoe die laaste strofe heeltemal van die vorige drie strofes verskil wat vorm betref.
25. Watter woord sê dat hy nog sy ma se kind is, al is hy nou ‘n volwassene?
26. Wat wil die seun beklemtoon met die woord “anderste” in die slotversreël?
27. Hoe sluit hy dan sy brief aan sy ma af wat bewys dat hy onlosmaaklik aan haar verbind is?
28. Wat is die tema van die gedig?

**Life van die jobless – Magmoed Martin**

1. Ek sê my bra, ken djy die agony vannie jobless,
2. van application forms en briewe en even wasted phone calls,
3. van jou skoene stukken loep en van rejection
4. en van trainfare wat nieman gaan replacie

5. En ken djy die pyn van virrie kinners sê daar issie,
6. van kostafels sonner kos en lawyerlette's wat ophoep,
7. van water wattie melk innie baby-borrel replace
8. en van skel oor geld wat nêrens te vind issie.

9. Ja, my bra, soe issie life vannie jobless:
10. een van great depression en rejection,
11. 'n life van alienation en degradation –
12. daai issie life vannie jobless.

13. Ken djy hoerrit voel as djy moet loaf,
14. van oppie grond slaap sonner komberse,
15. van overcrowding sonder lektriek
16. en van innie gel'gatte se rubbish soek vir kos.

17. En ken djy hoerrit voel as die laities hul respek verloor
18. vir ouers wat van wyn 'n afgod maak,
19. van buttons wat common use word innie join',
20. en vannie stelery wan God het ôs desert.

21. Ja, my bra, nou daai issie life vannie jobless.

*Uit: Nuwe stemme 1. Gedigte, 1997*

**Verduideliking**

- In strofe 1 wil die werklose van die leser/vriend/broer weet of hy bewus is van die werklose se swaarkry. Om werk te kry, vul hy vorms in, skryf briewe, vermors geld met vrugtelose telefoonoproepe, loop sy skoene stukkend, en al wat hy kry, is wegwysings of verwerpings. Hy word ook nie vergoed vir die treingeld nie.
- Weet die leser van die pyn om vir die kinders te sê daar is niks nie? Daar is nie kos op die tafel nie; daar is net aanmanings van prokureurs vir uitstaande betalings. Die bababottel word vol water getap in plaas van melk. Daar word beledigings geslinger oor geld wat nie beskikbaar is nie.
- Die man beklemtoon dat die lewe van die werklose een van neerslagtigheid, moedeloosheid, depressie en verwerping is. Dis 'n lewe van vervreemding en dinge word net al hoe slegter.
- Hy wil weet of sy luisteraar besef hoe dit voel om gedwing te word om leeg te lê, om sonder komberse op die grond te slaap, om in 'n oorvol huis of plek sonder elektrisiteit te woon en om in rykes se vullis te soek na kos.
- Die finale gevolg van die werkloosheid is 'n algehele agteruitgang van die mens se persoonlikheid. Kinders verloor hul respek vir hul ouers omdat hulle drank- en dwelmverslaafdes word, asook diewe. Hulle voel God het hulle in die steek gelaat.
- In die slotstrofe beklemtoon hy dat dit die lewe/lot van die werklose is.

**Vrae**

1. In watter taal van Afrikaans kommunikeer die werklose?
2. Waar, kan jy dus aflei, bly hy?
3. Uit die werklose se woordeskat kan 'n mens aflei dat hy skoolgegaan het. Bewys die stelling.
4. (a) Met wie voer die werklose 'n gesprek?
   (b) Neem die hoorder aan die gesprek deel?
   (c) Watter vorm neem die gesprek aan? Gee die letter en korrekte antwoord.
      (i) Hy maak gewone stellings.
      (ii) Hy vra gedurig retoriese vrae.
      (iii) Hy vra aanmekaar gewone vrae.
      (iv) Hy gee die heeltyd bevele.
5. Watter een woord in strofe 1 is 'n samevatting van die angstigheid om nie werk te kry nie?
6. Wat probeer die man alles doen om werk te kry? Noem vyf dinge.
7. Op watter drie maniere voel hy dat hy die bietjie geld wat hy het, in sy werksoek-pogings mors?
8. (a) Wat is daar nie vir die kinders nie?
   (b) Watter gevoel ervaar die man as hy dit vir sy kinders moet sê?
9. Hoe affekteer die man se werkloosheid sy gesin?
10. Wie dink jy skel hom omdat daar nie geld is nie?
11. Waarom dink jy word die meervoud in "kostafels" gebruik?
12. Van wie kry hy baie dagvaardings?
13. In strofe 3 word vertel van die afbrekende gevoelens van die werklose. Watter negatiewe gevoelens ervaar hy? Gee die vier gevoelens in gewone Afrikaans.

14 Hoe en waarom sluit hy strofe 3 sterk af?

15 (a) Skryf reël 13 "Ken djy hoerrit voel as djy moet loaf" oor in gewone Afrikaans.
   (b) Waarom sou jy sê slaag die gebruik van Kaaps in die gedig?

16. Beskryf vier probleme wat ondervind word wanneer die werkloses gaan slaap.
17. Waar moet die werkloses hulle kos kry?
18. Pas die omskrywings in Kolom B by die woorde in Kolom A. Gee die nommer, letter en antwoord.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 18.1 kinders | (a) eis geld oor skuld |
| 18.2 baba | (b) krap in rykes se vullisblikke om kos te soek |
| 18.3 vrou | (c) drank, dwelms en misdaad |
| 18.4 man | (d) neerslagtig, vervreemd, opstandig en verneder |
| 18.5 prokureursbriewe | (e) op die grond sonder komberse |
| 18.6 gevoelens van die werklose | (f) kry water in plaas van melk |
| 18.7 slaaptyd | (g) raas en vloek omdat daar nie geld is nie. |
| 18.8 om te oorleef | (h) kry nêrens werk nie |
| 18.9 neem hul toevlug daarna as hulle desperaat is om van werklikheid te ontsnap. | (i) ly honger |

19. Waarmee versterk die werkloses hulle dagga-sigarette?
20. Watter rede gee die werklose vir hulle drank- en dwelmmisbruik en stelery?
21. Die man is slegs die simbool van _______ soos hy.
22. (a) Waarmee sluit die werklose sy gesprek af?
    (b) Waarna verwys die "daai" in die laaste versreël?
23. Wat is die toon (atmosfeer) in die gedig?
24. Wat is die tema van die gedig?

**My siel, Pa – Marie van Rensburg**

Hoeveel ekstra vakke, Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Die prestasies, Pa, al is dit top,
galgtou oor my kop.
En my siel, Pa …
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, hoeveel eerstes by die wenpaal,
rekords moet ek nog behaal?
Hoeveel keer op die rostrum, Pa,
met 'n Achilleshiel wat pla?
Maar my siel, Pa …
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, S.A.-skolespan speel ek al twee jaar,
Pa se Cravenweek is geëwenaar
Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring
om Pa eer te bring?
Maar my siel, Pa …
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

Pa, is Pa nooit tevrede met die ewebeeld,
wat oor my vou soos 'n donker kleed?
Pa is mos my proto,
ek maar net Pa se foto!
Maar my siel, Pa …
kan ek 'n klein-klein stukkie terugvra?

*Uit: Losvoor, 1996*

**Agtergrond**

- Die druk op leerders om topprestasies op akademiese gebied, op die sportveld en in alle buitemuurse bedrywighede te lewer, neem voortdurend toe.
- Die druk wat sommige ouers op hulle kinders plaas, word in die meeste gevalle te veel vir die kinders en hulle doen onherstelbare emosionele en fisieke skade op.
- In hierdie gedig moet die kind gedurig sy prestasies verbeter sodat die ouer kan spog en sy ego groter kan word.
- Die kind kan glad nie sy eie lewe lei nie, maar moet presies doen en presteer soos beveel deur die pa.
- In die proses verloor die kind homself en sy eie identiteit en persoonlikheid.

**Verduideliking**

- Deur ‘n reeks retoriese vrae kommunikeer ‘n seun met sy veeleisende pa. Hy wil weet hoeveel ekstra vakke hy moet neem. Hy wil weet waarom hy die Dux-leerling moet wees. Hy erken dat dit die hoogste eer op skool sal wees, maar dat dit hom soos ‘n galgtou sal versmoor. Hy vra sy pa ‘n baie groot guns. Sal sy pa ‘n stukkie van homself – sy siel – aan hom teruggee? Hiermee erken die seun dat sy liggaam en sy siel aan sy pa behoort.
- Op die atletiekveld het hy homself reeds bewys en gereeld gewen en nuwe rekords opgestel, maar blykbaar is sy pa nog nie tevrede nie. Hy wil by sy pa weet hoeveel keer hy nog op die wennerspodium moet staan, en dit ten spyte van ‘n besering. Dis duidelik hy behoort aan sy pa, maar die seun soebat om ‘n klein stukkie van sy eie siel weer te besit en om homself te wees.
- Op die rugbyveld het hy net so goed soos sy pa gedoen. Hy het vir die S.A.-skolespan gespeel en ook aan die Cravenweek deelgeneem. Hy vra hoe hoog hy nog in die lynstaan moet spring – dit dui op ‘n moedelose, geïrriteerde seun wat wil weet wat hy nog moet doen om sy pa te eer en tevrede te stel. Hy smeek nou weer sy pa om ‘n klein stukkie van sy siel terug te kry.
- Hy beskuldig sy pa: al is hy sy pa se ewebeeld, is sy pa nooit tevrede nie. Die gedagte dat hy sy identiteit verloor en dat dit vervang word met sy pa s’n, is vir hom soos ‘n donker kleed, dit wil sê dit is ‘n somber en neerdrukkende gedagte. Sy pa is nou die model of prototipe van hoe hy behoort te wees. Hy is net ‘n foto van sy pa, nie ‘n mens in eie reg nie. Hierdie besef dat die seun nie regtig hy is nie, laat hom wanhopig uitroep dat sy pa ‘n klein stukkie van sy gees aan hom moet teruggee.

**Vrae**

1. Haal al die meervoude aan wat wys dat die pa nie met net een prestasie tevrede is nie.
2. Watter woord sê dat die pa verwag sy seun moet ook akademies die beste in die skool presteer?
3. Watter negatiewe metafoor, wat wys hoe sy prestasies hom versmoor, gebruik die seun?
4. Wat word die soort vrae genoem wat die seun dwarsdeur die gedig vra en wat eintlik sterk stellings oor sy moedeloosheid is?
5. Skryf enige een van die vrae oor sodat dit ‘n sterk stelling vorm.
6. Oor watter sportsoort handel strofe 2?
7. Watter prestasies verwag die pa moet die seun op die atletiekbaan behaal?
8. Wie is die spreker in die gedig?
9. Bespreek die letterlike asook die figuurlike betekenis van Achilleshiel.
10. Hoe verskil die laaste twee versreëls van strofe 1 van die ander laaste versreëls in strofe 2 tot 4?
11. Net soos sy pa speel die seun al (a) ______ jaar in die Suid-Afrikaanse (b) _________ skolespan.
12. Watter een woord sê dat die seun presies dieselfde prestasie as sy pa in skolerugby behaal het?
13. Gee die letterlike en die figuurlike betekenis van die volgende twee versreëls: “Hoe hoog moet die turksvy-kind in die lynstaan spring om Pa eer te bring?”
14. Watter metafoor kom in bogenoemde twee versreëls voor?
15. Waarna smag (verlang) die seun?
16. Uit die herhaling van “stukkie” is dit duidelik dat die pa die seun se (a) _______ siel besit en dat hy hom heeltemal (b) _______.
17. Sou jy sê die seun het ‘n eie persoonlikheid en lewe? Bespreek jou antwoord volledig.

18. Watter gevoel spreek baie duidelik uit die seun se retoriese vrae?
19. Haal die vergelyking aan wat die seun se wanhoop oordra dat sy pa wil hê hy moet presies dieselfde as sy pa wees.
20. Hoe sou jy die "donker kleed" interpreteer?
21. Haal die woord aan wat sê dat die pa die eerste van sy soort was en 'n voorbeeld gestel het vir sy seun wat ná hom kom.
22. Die seun sê dat hy bloot 'n kopie van sy pa se (a) _______ is. Hy is dus nie 'n (b) _____ in eie reg nie.
23. Wat is die deurlopende toon in die gedig?
24. Wat is die tema van die gedig?
25. Hoe sou jy die pa beskryf?

**Eksamenlokaal – Suzaan Laing**

1. Haar skoene klik hard op die houtvloer
2. soos sy op en af stap
3. tussen rye tjoepstil banke

4. Nou en dan kraak die blaai van 'n blad
5. die Septembereksamenlug.

6. hande bewe met rukke oor skoon wit velle
7. los 'n inkwarboel agter

8. Die horlosie tel twee ure af.

9. Sy stap stadig en oes die stelle een vir een
10. Blou op wit:
11. Ryp met gistermiddag se kennis.

*Uit: Poort, 1986*

## Verduideliking

- Die onderwyseres wat toesig hou in die eksamenlokaal, se skoene klik hard op die houtvloer. Sy stap op en af en alles is doodstil.
- Al wat die stilte verbreek, is die gekraak van 'n bladsy as daar omgeblaai word. Dit is Septermbermaand en die leerlinge is besig met eksamen.
- Skrywende hande beweeg oor wit bladsye en laat 'n inkverslag agter. Dit is 'n twee uur lange vraestel en toe is die tyd verstreke.
- Stadig stap die onderwyseres en neem die vraestelle een vir een in. Die slotsin is 'n opmerking dat die kennis wat in die vraestelle weergegee is, dié is wat die vorige middag geleer is.

## Vrae:

1. Waarom stap die toesighouer op en af in die eksamenlokaal?
2. Met watter eksamen, dink jy, is die leerders besig?
3. "hande bewe met rukke oor skoon wit velle" (reël 6). Skryf die korrekte antwoord: neer. Hulle is senuweeagtig / Dis die manier van skryf.

4. Watter strofe plaas die spreker alleen om te wys dat die eksamentyd aan die verbygaan is?
5. Haal twee losstaande woorde aan wat sê dat die onderwyseres die vraestelle inneem wat vol van die leerders se kennis is.
6. Haal een versreël aan wat dieselfde beteken as "inkwarboel".
7. Wanneer het die leerders die werk geleer? Haal 'n woord as jou antwoord aan.
8. Benoem die beeldspraak wat in reël 8 voorkom.

**Melkkantien – Elisabeth Eybers**

1. Wat soek sy hier waar alles glim, die vrou,
2. verweer en afgewater, kneukels rooi,
3. soos die tamatiesap waarom hul klou?
4. Tussen die kelnerinne, opgetooi,
5. met jong gesigte, almal leeg en hard,
6. wat soek sy hier, so afgesloof en stroef,
7. in haar verrimpelde gelaat die smart
8. van anders en alleen wees saamgeskroef?

9. Vir sóveel powerheid is daar geen troos:
10. ek vat die vol glas lomp en sê, ek soek
11. na 'n apteker, dalk kan sy my help?
12. Sy stoot die vaal haartoutjies terug, oorstelp
13. van vriendelikheid, beduie tandeloos:
14. Jy meen 'n kemmis? Ja, net om die hoek.

*Uit: Die helder halfjaar, 1956*

## Verduideliking

- Met verbasing kyk die spreker na die kelnerin wat haar bedien. Sy pas nie in die silwerskoon, blink, moderne kafee nie. Sy lyk verwaarloos en onversorg en haar hande is net so rooi soos die tamatiesap wat sy vashou. Sy pas ook nie by die ander kelnerinne wat so mooi lyk, maar wie se harde, jong gesigte sonder enige uitdrukking is nie.
- Die spreker wonder wat sy daar soek. Die ou kelnerin lyk asof sy al baie swaar in die lewe gekry het en sy lyk ongemaklik in hierdie melkkantien (kafee). Op haar gesig, wat vol plooie is, sien 'n mens die hartseer omdat sy weet sy is anders as die ander en dus eensaam.
- Die kelnerin is so minderwaardig (*inferior*) dat die "ek" nie weet hoe om haar te troos nie. Die spreker is so ontsteld oor wat sy van die kelnerin dink dat sy skoon onhandig is as sy die glas tamatiesap by die kelnerin neem.
- Sy vra die kelnerin of sy weet waar 'n apteker is. Omdat iemand met haar gepraat het, voel die kelnerin oorweldig deur vriendelikheid. Sy beantwoord die vraag, maar dit wys nog meer op haar eenvoudigheid, want sy het nie tande in haar mond nie, en sy spreek die klant aan as "jy" in plaas van "u", wat respek aantoon.

- Sy vertaal ook twee woorde direk uit Engels en sê “meen” in plaas van “bedoel” en “kemmis” in plaas van “apteek”. Dit wys verder hoe armoedig van gees sy is.
- Aan die einde van die gedig ontdek die spreker dat die ou kelnerin eintlik ‘n vriendelike en behulpsame mens is. Wat die spreker wil sê, is dat mens nie iemand moet oordeel op hoe hy of sy lyk nie. Die spreker besef dat die verwaarloosde kelnerin miskien baie meer warmte as die goed versorgde kelnerinne het.

**Vrae:**

1. Pas jou kennis van die **woordeskat** in die sonnet toe. Lees eers weer die gedig goed deur en vul dan die **ontbrekende** woorde in.

   Die klant/spreker is verbaas oor die klenerin wat nie in die (a) __________ melkkantien pas nie. Die kelnerin se (b) ___________ is net so rooi soos die glas (c) _____________ wat sy onseker vashou. Sy lyk (d) ___________ en pateties. Die ou klenerin pas glad nie tussen die (e) _____________ kelnerinne, wat onder andere te veel grimering en juwele aanhet nie. Die ou kelnerin is moeg (f) ___________ en haar gesig lyk (g) _____.
   Haar gesig is vol (h) __________ en sy kom (i) ___________ voor omdat sy anders en(j) __________ is.
   In die sestet is die spreker/klant amper moedeloos en sê dat soveel powerheid nie(k) __________kan word nie, maar sy probeer tog ‘n geselsie met die kelnerin aanknoop deur haar te vra waar sy ‘n (l) __________ kan kry.
   Die kelnerin se verwaarlosing kan verder ook in haar vaal (m) _________ gesien word en sy het boonop ook nie (n) _____nie. Sy is egter baie vriendelik en vra in krom Afrikaans of die klant ‘n (o) ___________bedoel, wat glo net om die hoek is.
2. Wie lyk heeltemal anders as die ou kelnerin?
3. Haal drie woorde aan hoe dié mense lyk.
4. Watter herhaling kom in die oktaaf voor? Haal dié sinsdeel aan as jou antwoord.
5. Wie is die hoofkarakter in die sonnet?
6. Waarmee word die kelnerin se rooi kneukels vergelyk?
7. Wat is die ou kelnerin besig om na ‘n klant te neem?
8. Waarom “klou” haar hand om die glas?
9. Watter een woord dui aan dat die kelnerinne baie aandag aan hulle uiterlike bestee?
10. Wat is die opvallende verskil tussen die ou kelnerin en die ander?
11. Hoe weet jy die jong kelnerinne is moontlik nie baie simpatiek nie?
12. Watter een woord sê dat die ou kelnerin se gesig baie plooie het?
13. Gee twee redes waarom die ou kelnerin so vol smart is.
14. Waarom sê die spreker dat daar vir so ‘n mens nie troos is nie?
15. Wat is die doel van die dubbelpunt aan die einde van reël 9?
16. Watter een woord dui aan dat die spreker ongemaklik voel?
17. Wat is moontlik in die glas as ook na die oktaaf gekyk word?
18. Hoe probeer die spreker menslike kontak met die kelnerin maak?

19. Watter woord dui aan dat die kelnerin nie gewoond is aan sulke vriendelikheid nie?
20. Met watter woord kontrasteer die woord "vaal"?
21. In die sin "Jy meen 'n kemmis?" is daar twee taalfoute en ander foute. Dui dit aan en sê waarop dit ook verder wys.
22. Op watter manier word die kelnerin deur die spreker geteken?
23. Wat is die tema van die gedig?
24. Is daar werklik troos vir die afgetakelde ou kelnerin?
25. Wie is in die sonnet aan die woord?



# ROMAN

## Hanna Hoekom – Marita van der Vyver

### AGTERGROND

- Hanna voer ‘n dolle bestaan saam met haar kunstenaar-ma, Mana, haar halfboetie, haar twee stiefbroers en Beyers, hul akteurpa - 'n redelik oordrewe voorbeeld van die Nuwe Gesin, of liewer, die Nuwe Uitgebreide Familie van ons tyd.
- Hanna se biologiese pa is 'n gay modeontwerper in Johannesburg, haar halfboetie se pa is 'n skitterblink proefbuis - Mana se kreatiewe oplossing vir 'n tweede kind, sonder die aanwesigheid van 'n man. En toe trou Mana tog weer, met Beyers ... wat by gebrek aan juwele vir haar 'n knewel van 'n aartappel en 'n bossie pietersielie met 'n rooi strik aandra as verlowingsgeskenk.
- Te midde van al hierdie ongewoondhede en oorskadu deur haar flambojante ma se andersheid, besin Hanna kalm oor die hoekoms in haar lewe. Sy het eers in die kleuterskool agtergekom dat die ander kleuters se ma's nie soos hare lyk of klink of selfs ruik nie.
- Dat hulle hoëhakskoene en nylonkouse dra, dat hulle nooit dink hulle weet beter as die kleuterskooljuffrou nie, en dat hulle na duur parfuum ruik. Haar ma ruik die meeste van die tyd na die paraffien waarmee sy haar verfkwaste skoonmaak.
- Stilweg bekommer oor haar afwesige en eweneens anderse pa, erken Hanna: dat die grootste skok in die kleuterskool was dat haar maats almal pa's gehad het. Mans wat dasse dra en hulleself Pappa noem.
- Sy het net vir Gavin gehad. Hy was nie veel meer as 'n stem oor 'n telefoon nie. En dit was nie 'n stem wat by 'n das gepas het nie.
- Binne hierdie gesin se bont verskeidenheid, skat Hanna haarself as maar vaal, en sy koester één groot begeerte: om te skryf.
- Inderdaad kry die leser in die loop van die verhaal die taalbegaafde meisiekind se skryfpogings te sien: 'n sielkundige riller, 'n speurverhaal, 'n gedig, 'n liefdesverhaal, 'n kortverhaal - met as hoofkarakter die kleurryke wese wat Hanna wens sy was: 'n meisie met die eksotiese naam Fabienne.
- Hanna-die-skrywer betrek die leser spontaan in die omstandighede in haar eie lewe wat aanleiding gee tot hierdie ontvlugtingskarakter Fabienne.
- Wanneer dié uitgebreide gesin Mana en Beyers se lank uitgestelde wittebrood in 'n hut op 'n berg gaan vier, word die kontraste en moontlike konflikte veroorsaak deur Gavin se onverwagte besluit om Hanna se vyftiende verjaardag saam te kom vier.
- Sy ontvang nog ontstellende nuus dat Margot, Beyers se eks-vrou, 'n aktrise, in al haar glorie op pad is uit Amerika.
- Daar ontstaan ‘n skielike winterstorm, onbegaanbare bergpaaie én 'n krisis. en meteens verander almal se innerlike en vervaag die uiterlike.

- Die vreemde lid van die geselskap uit Los Angeles bewys haarself as redder in nood, en die werklike drama word 'n ondervinding wat almal bymekaarbring.
- Hanna sluit haar verhaal af met: “Ek gaan daardie roman skryf ... Maar ek gaan nie oor 'n fabelagtige skepsel soos Fabienne skryf nie.
- Ek gaan 'n storie skryf oor 'n gemiddelde vaal meisiekind met 'n onwaarskynlike ma en 'n selfs meer onwaarskynlike pa.

## KARAKTERS

### HANNA HOEKOM (MINNAAR)

- Die naam van ‘n doodgewone meisie.
- Sy is die verteller van die verhaal (eerstepersoon verteller of ek-verteller)
- Sy skryf haar lewensverhaal.
- Sy wil eendag ‘n skrywer word.
- Sy is amper vyftien jaar oud
- Sy is nie baie mooi nie, ook nie lelik nie. Nie akneeprobleme nie, maar ook nie ‘n vlekkelose vel nie.
- Haar verbeelding maak haar spesiaal. Dit het gehelp dat sy baie maatjies in die laerskool gehad het.
- Haar gesin is ook anders as die gemiddelde ander gesinne.
- Sy voel sy moet draadjies kry want sy het ‘n gaping tussen haar boonste voortande.
- Sy skryf ‘n boek oor haar alter ego Fabienne. Begin as ‘n lewensverhaal, verander na ‘n riller, ‘n speurverhaal en verskeie ander genres.
- Sy het haar bynaam as kind gekry omdat sy altyd gevra het hoekom iets sus of so was.
- Hanna sê sy is *GESKEP*

### FABIENNE (Italiaanse naam)

- Sy is Hanna se alter ego- karakter
- Fabienne het perfekte tande –iets wat Hanna wil hê.
- Fabienne se karakter vloei soms saam met dié van Sharon.
- Sy het die perfekte gesin. Sy is te perfek en Hanna neem sekere goed van haar weg om haar meer geloofwaardig te maak.
- Haar pa is ‘n tandarts.
- Haar ma was eers ‘n tandarts-assisitente en later ‘n hortikulturis.(‘n tuinboukundige)
- Sy het ‘n suster met die naam Camille.

### MANA(MINNAAR) klink amper soos mamma

- Sy is Hanna se biologiese ma.
- Sy is “glo nie normaal nie”
- Sy is ‘n kunstenares
- Sy is eksentriek en luister eerder na haar “muse” en vergeet dan om die normale dinge in ‘n huishouding soos bv. om kos te maak, te doen.
- Sy dra hansworshoede, verfkwaste en penne in haar hare.
- Sy dra geen grimering nie; altyd bont klere.

- As sy die skool besoek baklei sy met die onderwysers en selfs die hoof.
- Hanna skaam haar vir haar ma.
- Sy glo nie aan die seksistiese stereotipes nie. Sy gee nie om as Hanna wil rugby speel enTibo met poppe speel nie.
- Haar verhoudings is nie doodgewoon nie: Sy het Hanna by ‘n gay man en Tibo is ‘n proefbuisbaba.
- Sy is anders as ander ma’s want sy dra bont klere wat nie bymekaar pas nie; Sy dra hansworshoede. Sy haal die kar se agterste sitplek uit om plek te maak vir haar skilderye.

**TIBO(MINNAAR)**

- Nie doodgewoon nieen dui op hoe anders hy is.
- Hy is Hanna se halfbroer en is agt jaar oud.
- Hy is ‘n proefbuisbaba. Sy ma het oorsee gegaan om bevrug te word.
- Hy is klein en skraal in voorkoms en is baie snaaks.
- Volgens Hanna is hy *VERVAARDIG.*
- Hy is netjies op homself, maar sy kamer is altyd deurmekaar.
- Hy wil baie graag meer van sy eie pa weet.
- Die naam Tibo is nie doodgewoon nie.
- Hy droom daarvan om eendag Hollywood toe te gaan.
- Hy wil hê hulle moet die Tarot-kaarte lees sodat hy meer oor sy pa kan uitvind.
- Hy en Amos, sy stiefboetie, baklei baie.

**BEYERS (THERON) sterk naam wat die karakter van die persoon versterk**

- Hy is Mana se man en Hanna se stiefpa.
- Hy is ‘n akteur.
- Hy moet nou, om die pot aan die kook te hou, verskillende rolle vertolk soos omroeper, TV-aanbieder, tree by kunstefeeste op en is seremoniemeester by sakekonferensies.
- Hy het as jong akteur die hoofrol in die sepie,“*Bloeiende Vergeetagtigheid”,* gespeel.
- Hy is die pa van twee seuns. (Yann en Amos)
- Hy is geskei van sy eerste vrou wat nou in Amerika woon.
- Hy het Mana ontmoet toe hulle honde van mekaar begin hou het toe hulle teen die berg gaan stap het.
- Beyers het ontdek dat as jy vir Mana iets moois wil bring, dan bring jy ‘n pietersielieruiker en reuse-aartappels in die plek van juwele en blomme.

**YANN (THERON) ander manier van Jan**

- Hy is ook maar doodgewoon**.**
- Hy is Hanna se stiefbroer.
- Hy is sestien jaar oud.
- Hy is ouer as Hanna en Hanna dink hy is koel endat sy verlief is op hom.
- Hy sien nie vir Hanna as meisie raak nie.
- Hy is redelik antisosiaal – luister na musiek op sy Walkman.
- Hou van Marilyn Manson se musiek.
- Hy beskou die vakansie as ‘n strafkamp.

- Hy raak verlief op Hanna se vriendin, Sharon.
- Hy is kwaad vir sy ma omdat sy hulle in die steek gelaat het.
- Hy gee vir Hanna ‘n pen as verjaarsdaggeskenk wat haar laat besef dat hy tog vir haar omgee.

**AMOS(THERON) doodgewone naam**

- Hy is Yann se jonger boetie.
- Hy is net so oud soos Tibo, dus agt jaar.
- Hy en Tibo kom nie oor die weg nie.
- Hy lees Harry Potter-boeke en doen gereeld kulkunsies.
- Hy hou van towenaars en toorkuns.
- Hy gee baie om vir sy ma. Hy is baie bly oor haar besoek en hartseer as sy weer weggaan.
- Hy kry vir Hanna waar sy begin om haar lewensverhaal te skryf.

**DITJIE (THERON)**

- Sy is Mana en Beyers se ongebore baba aan die begin van die verhaal.
- Wanneer sy gebore word wil hulle haar Amanzi, Water of Kakwa noem – as gevolg van die vloede waardeur hulle is.
- Hanna was baie bly; nou het sy ‘n suster nes Fabienne.

**ANDER KARAKTERS**

**GAVIN(TAYLOR)**

- Hy is Hanna se biologiese pa en Mana se woonstelmaat.
- Hy is gay en is meer vroulik as Mana; hy dra byvoorbeeld grimering.
- Sy modereeks se naam is Androgynous, wat “tweeslagtigheid” beteken.
- Dit verwys nie net na die klere wat hy vir mans en vrouens ontwerp nie, maar ook na die feit dat hy as gay man in ander mans belangstel, maar hy het tog ‘n kind.
- Hy is die persoon wat, volgens Mana, selfs ‘n begrafnis in ‘n partytjie kan verander. Dit is hoekom Mana wou gehad het hy moes na Hanna se partytjie toe gekom het.
- Hy het vir Hanna-hulle op die berg kom kuier.
- Hy gaan baie oorsee na plekke soos Londen en woon in Johannesburg.
- Sy naam is Engels – dui aan op sy andersheid.

**MARGOT(JORDAN)**

- Franse naam pas nie in by die gewone gesin nie.
- Sy is Beyers se eks-vrou.
- Sy wil ‘n aktrise wees.
- Sy is 39 jaar oud.
- Sy het groot borste soos ballonne
- Sy woon in New York.
- Sy is ‘n aërobiese instruktrise in Amerika, maar het na Suid-Afrika gekom om ‘n rol in ‘n nuwe TV- reeks te vertolk.
- Sy was vir vier jaar ‘n verpleegster voordat sy besluit het om aktrise te word.
- Sy help vir Mana met die geboorte van die kleintjie.

- Haar regte naam is Maria Gertruida Johanna Jordaan.
- Sy is Yann en Amos se ma.
- Sy maak dikwels beloftes wat sy nie nakom nie.
- Uiterlike voorkoms is vir haar baie belangrik – daarom kan sy nie sonder haar haardroër en grimering klaarkom nie.
- Sy sing baie mooi en sy is baie emosioneel.
- Sy moet die Maandag wat kom in Johannesburg wees om te begin skiet aan die TV-reeks waarin sy 'n rol vertolk.

**SHARON (BESTER)**

- Sy is Hanna se beste vriendin, maar sy is ook die meisie op wie Hanna jaloers raak.
- Sy is die lewende-lywe Fabienne, behalwe dat sy 'n bruin meisie is.
- Die vriendin se ouers is ryk; teenoor Hanna se ouers wat maar finansieel sukkel.
- Haar pa werk net onder die minister van Toerisme/Polisie.Hanna is nie seker watter een nie.
- Haar ma werk vir 'n versekeringsmaatskappy in die Human Relations afdeling.
- Haar ouma woon in Touwsrivier
- Haar moeder se naam is Ziona en haar pa se naam is Jonathan.
- Sy raak verlief op Yann.
- Sy hou ook, anders as Hanna, baie van Margot.
- Sy is baie modern en hou van mooi klere en om mooi aan te trek.

**JUF LIEBENBERG**

- Sy is Hanna se Afrikaanse onderwyseres.
- Hanna wil haar graag beïndruk.

**DIE HEKS VAN ENDOR**

- Dit is die vrou wat aan die einde van die doodloopstraat woon.
- Sy lyk vir Hanna soos 'n heks , want sy het lang grys hare, sy is onvriendelik en het 'n skerp neus.
- Sy gooi die honde met skoene en jaag ook vir Hanna weg deur haar met 'n pienk pantoffel te gooi.

**PAMPOEN EN PATAT**

- Hulle is die twee honde.
- Dit is as gevolg van hulle wat Mana en Beyers ontmoet het.

## BELANGRIKE ASPEKTE IN ELKE HOOFSTUK

### HOOFSTUK 1: *(bl. 17 – 25)* - ***Fabienne se fantastiese tande***

Die leser ontmoet Hanna Hoekom en haar saamgestelde gesin.
Hanna is veertien jaar oud en verjaar binnekort.
Sy is lief vir skryf en wil graag haar eie lewensverhaal skryf soos wat Anne Frank gedoen het. Haar ma is 'n kunstenares en glo nie in stereotipering nie.

Hanna se ma het met haar pa getrou al was hy gay, sodat sy 'n kind kon hê.
Haar pa het meer flambojant aangetrek en baie meer grimering as haar ma gedra.
Haar biologiese pa is 'n mode-ontwerper wat soms oorsee werk en reis, maar in Johannesburg woon.
Hanna het 'n halfbroer, Tibo, want toe haar maar weer wou swanger raak, het sy vir 'n proefbuisbaba gegaan.
Haar stiefpa Beyers is 'n akteur en moedig Hanna aan om te skryf.Hy sê sy moet soms haar verbeelding gebruik as sy nie weet hoe om verder te skryf nie. Hy het al die hoofrol in 'n sepie gespeel.
Haar verbeelding het gehelp dat sy baie maatjies in die laerskool gehad het, maar dit hou nie nou vir haar voordeel in nie.
Hanna se stiefbroers Yann (16jaar) en Amos (8jaar) se ma Margot, woon in New York, Amerika en wil graag aktrise wees, maar sy werk hoofsaaklik as aërobiese instruktrise.
Hanna wil 'n eksotiese naam hê en skep die karakter Fabienne as haar alter-ego.
Hanna begin 'n storie skryf oor 'n fiktiewe karakter Fabienne, 'n tandarts se dogter.
Fabienne het die soort lewe wat Hanna graag sal wil hê – perfek.
Fabienne het ook perfekte tande; iets wat Hanna baie graag wil hê.
Fabienne het ook 'n ouer suster, Camille.
Hanna besef dat hierdie storie nie baie interessant gaan wees nie en besluit om die storie te verander.
Fabienne se pa sterf toe die tandartsstoel hom doodskok.Fabienne se ma dink dit is haar skuld want sy het die stoel skoongemaak.
Om haarself beter te laat voel, laat sy al haar tande trek en dit word saam met haar man begrawe.
Later trek sy ook Camille se tande en sy wil ook Fabienne se tande trek.
Hanna besluit die storie is te hartseer en besluit om die storielyn te verander.
Hanna is ongelukkig oor Mana, haar ma, se idee om 'n gesinsvakansie, wat sy 'n "wittebrood" noem,te gaan hou.
Hierdie wittebrood is nie normaal nie – kinders gaan saam, dit is lank na hulle getroud is.

## **HOOFSTUK 2:** *(bl. 26 – 38)* - ***Pampoen en Patat hinder 'n heks***

Hanna sien glad nie uit na die vakansie op die berg nie.
Al die kinders in die gesin reageer met skok op die plan om saam te gaan vakansie hou.
Hanna beskryf vir ons die nuwe huis waarin hulle nou as gesin woon. Die huis is soos hulle lewe – aangeplak.
Die huis lê, volgens haar, aan die verkeerde kant van die berg. Dit was vir hulle moeilik om 'n huis groot genoeg vir hulle te kry.
Hulle ouers se werk is nie van so aard dat hulle van 'n vaste inkomste verseker is nie. Die huis moes ten minste 5 slaapkamers hê. Amos en Tibo moet 'n kamer deel. Een van die dae is Ditjie ook daar en dan moet hy/sy slaapplek kry.Die huis moet ook 'n plek hê waar Mana kan skilder.Die huis en tuin is oud en verwaarloos.
Hanna bou voort aan die storie van Fabienne.

Fabienne se ma is ‘n uitstekende tuinier(hortikulturis). Hulle huis is deur die beste argitek in die stad ontwerp.
Hanna besluit om Fabienne se karakter interessanter te maak deur haar kunstig te maak.
Fabienne is baie kunstig en teken al van kleintyd af. Sy begin wonder of Mana nie dalk haar ma is nie.
Daar heers chaos as Hanna–hulle begin gereed maak om met vakansie te gaan. Amos soek sy Harry Potter boek, Yann soek sy Marilyn Manson CD. Die 2 honde Pampoen (Mana se hond) en Patat (Beyers se hond) het weggeraak. Hierdie 2 honde het veroorsaak dat Mana en Beyers ontmoet het. Hulle het teen die berg gaan stap met hulle honde en die honde het eerste van mekaar begin hou. Omdat Hanna die meeste georganiseerd is, moet sy hulle gaan soek.
Sy kry hulle by die Heks Van Endor aan die einde van die doodloopstraat. Die vrou gooi haar met pienk pantoffels.

**HOOFSTUK 3:** *(bl. 39 – 49)* - ***Bloedvingers, suikervingers, groenvingers …***

Fabienne: Sy begin droom van die vrou met die verfkwaste en dink dat Mana moontlik haar ma kan wees. Miskien is hulle by die hospitaal omgeruil.
Sy is besig om haar greep op die lewe te verloor. Sy eet al hoe minder. Die verhaal word nou ‘n riller.
Sy begin te glo dat sy haar familie moet vermoor. Haar suster sterf van ‘n eierdop wat van ‘n sjokoladetruffel kom (suikervingers), haar ma word deur ‘n reuse vleisetende plant opgeëet(groenvingers) en haar pa word deur een van sy pasiënte verwurg(bloedvingers).
HUIS OP DIE BERG:Hanna-hulle gaan deur ‘n nagmerrie-rit om uiteindelik op die berg te kom.
Die plek is vuil en verwaarloos. Elkeen kry vinnig ‘n werkie om te doen om die plek skoon te kry. Yann noem die plek ‘n *dump*.
Hanna se enigste ligpuntjie is die besoek van haar beste vriendin, Sharon, wat die volgende naweek sou kom.
Sy voel ook ongemaklik dat haar pa kom kuier.
Mana wou baie graag vir Gavin by die partytjie gehad het, want hy is die gees by ‘n partytjie.
Die pad daarheen is grondpad; dus nie baie lekker om te ry nie.
Hanna het haar bynaam gekry van die feit dat sy elke keer HOEKOM gevra het. Sy wou alles weet.
Hanna wil graag uit haar lewe ontsnap en by Fabienne gaan bly.
Hanna besef dat, indien sy plekke met Fabienne wil ruil, sal sy van Fabienne ontslae moet raak.
Haar storie verander in ‘n **rolprentdraaiboek** en die toneel van Fabienne eindig waar sy haarself met ‘n mes sny in ‘n poging om selfmoord te pleeg.
Hanna besluit dat hierdie storie heeltemal te erg is en besluit om ‘n speurverhaal te skryf.
Naam van die **Speurverhaal** : STILLEWE

## HOOFSTUK 4: *(bl. 50 – 59)* - ***Fabienne verloor haar vader***

Hanna vind die kuiertjie op die berg baie vervelig. Hulle probeer ‘n vasvraspeletjie speel, maar omdat elkeen in verskillende goed belangstel, werk dit nie.
Hanna kan ure lank praat oor boeke en skrywers en Beyers weet alles van die teater. Amos is mal oor towenaars en kulkunsies.
Yann weet baie van musiek af. Tibo ken elke sepie-karakter en is lief daarvoor om TV te kyk. Mana weet alles van skilders en skilderye af.
Mana wil hê die gesin moet dinge saam doen sodat hulle mekaar kan leer ken.
Hulle gaan vroeg in die oggend stap en Yann hou niks hiervan nie . Hy dink dit is ‘n strafkamp. Hy luister eerder na sy Walkman as na die voëltjies.
Hanna besluit om liewer Fabienne se pa in die storie te laat doodgaan in pleks van Fabienne wat selfmoord pleeg.
Minister van Appels en Pere, (Vernon April) kom besoek Fabienne se pa. Hy ontdek dat die man wat hulle daar het, nie die man is wie hulle sê hy is nie. Hy plaas die inligting agter die raam van die skildery en word dan ook kort daarna ontvoer. Net Fabienne weet van die inligting. Sy neem dit na die polisie, maar hulle glo haar nie.
Hanna vertel ons van haar vriendin Sharon. Sy is baie mooier as Hanna en hulle is baie ryk. Sy weet dat Gavin van Sharon sal hou; dit maak haar jaloers, al is hulle beste vriendinne.

## HOOFSTUK 5: *(bl. 60 – 67)* - ***Digterlike vryheid***

Mana verdeel die gesin in werkspanne sodat hulle mekaar beter kan leer ken.
Elke aand doen hulle iets anders. Amos wil *Name van diere en dorpe*speel.
Beyers besluit egter om gedigte voor te lees. Hier kry hy baie teenkanting want elkeen kla oor sekere tipes gedigte.
Hanna besluit, aangesien sy nie verder met die storie van Fabienne kan gaan nie, sal sy maar ophou om ‘n speurverhaal te skryf en eerder **gedigte** begin skryf.
Daardie aand skryf sy haar eerste gedig, *“Stillewe”,* van hoe bitter dinge op Botterberg is en sy noem die berg in haar gedig “Bitterberg”. Die gedig is op ‘n ander kort gedig, “DIS AL” gebaseer.
Die volgende dag by middagete ontdek Hanna dat Amos en Tibo in haar kamer was en haar boek gelees het.
Hanna kry vir die eerste keer simpatie van Yann want hulle krap ook in sy goed.
Beyers gee Hanna die reg om die 2 seuns te straf.Hulle moet uitskryfwerk doen.
Hanna besluit hierna dat sy nie meer gedigte wil skryf nie, veral toe almal in versreëls begin praat.

Hanna let ook op dat Yann nie meer oorfone dra nie.

**HOOFSTUK 6:** *(bl. 68 – 79)* - ***A slice of life***

Hanna geniet nog steeds nie die vakansie nie. Sy tel die dae af, tot haar vriendin Sharon kom.
Hulle gaan lang ente in die oggende stap. Beyers en Yann het gaan inkopies doen en toe kom Hanna agter hoekom Yann nie na sy Walkman geluister het nie - die batterye was pap. Mana stap nie ver nie en sy het ook weer begin skilder.
Hanna het besluit om 'n **kortverhaal** te skryf. Die kortverhaal handel nog steeds oor Fabienne en tande, maar die keer is Fabienne 'n skilder en sy en haar pa sukkel om te kommunikeer en dan besluit Fabienne om tande te skilder. Sy word baie bekend en sy en haar pa het iets om oor te gesels. Die kortverhaal se naam is " Stillewe met tande".
Later die dag kom Sharon se pa, Jonathan, vir haar met sy 4x4- motor aflaai. Hanna is baie bly om Sharon te sien.
Hanna kry skaam vir die huis, maar Sharon gee nie om hoe dinge lyk nie. Sy vertel dat sy baie by haar ouma gaan kuier het, maar dat haar pa haar nie meer daarheen neem nie. Sy dink hy is dalk skaam vir haar ouma.
Sharon vertel dat haar ouma lekker brood kan bak, stories kan vertel, en snaakse liedjies kan sing. Dit is vir haar hartseer dat sy nie vir haar ouma kan gaan kuier nie.

**HOOFSTUK 7:** *(bl. 80 – 91)* - ***Nuus uit die beskawing***

Mana is dorp toe om te gaan kruideniersware koop. Mana gaan saam, want die laaste keer het Beyers 'n paar goed vergeet.
In die dorp het hulle gehoor dat Amos en Yann se ma (Margot), vir hulle op die berg gaan kom kuier.
Sharon is verbaas om te hoor dat Yann en Amos se ma 'n aktrise in Hollywood is.
Margot kom Suid-Afrika toe om aan 'n televisie-reeks deel te neem.
Mana gee tekenklasse vir die kinders, maar dit is duidelik dat Amos geen tekentalent het nie.
Yann begin in Sharon belangstel.
Beyers meen dat Margot ongelukkig in die berge sal wees, want sy sal byvoorbeeld nie haar haardroër kan gebruik nie.
Yann en Amos is senuweeagtig omdat hulle ma kom.
Hanna besluit dat sy eerder 'n **reisverhaal** wil skryf – al probleem is dat sy nog nie gereis het nie, maar dit is nie 'n probleem nie want daarvoor is 'n mens se verbeelding en 'n atlas goed genoeg.

**HOOFSTUK 8:** *(bl. 92 – 101)* - ***Hanna Hoekom word Hanna Heks***

Amos is baie bang dat iets gaan gebeur sodat sy ma nie by hulle kan uitkom nie.
Op dieselfde oomblik dat Margot buite die huis stilhou begin dit te reën.
Hanna sien dat Margot baie aantreklik is – sy beskryf haar as 'n

stralende blonde koningin.
Margot gee ook vir elkeen ‘n kompliment as sy hulle ontmoet.Sy vertel ook vir Hanna dat Yann dink sy is nogal slim.
Margot se glimlag word kleiner as sy die huis van binne sien en sien hoe sleg dit daar binne lyk.
Beyers dra Margot se twee swaar tasse in.
Dit is duidelik dat Margot nou nie juis enige beroemde Hollywood sterre ken nie.
Hanna voel uitgesluit, want sy is nie deur Margot betower nie, terwyl die ander kinders aan haar lippe hang.
Sharon sê vir Hanna dat sy net soos Mana(Hanna se ma ) klink.
Hanna wonder hoekom sy nog stories opmaak, want haar eie lewe het in ‘n fantasieverhaal verander.

## HOOFSTUK 9: *(bl. 102 – 114)* - ***Die koms van die queen***

Almal verras Hanna op haar 15de verjaarsdag deur vir haar te sing en geskenke te gee. Hanna voel soos Aspoestertjie omdat sy vanjaar so baie presente gekry het.
Margot besluit om in die reën te gaan draf. Maar na tien minute kom sy terug.
Margot wil nie saam met die ander eet nie, want sy drink soggens net vitamienpille.
Gavin kom op dramatiese wyse oor die drumpel gekruip.
Gavin se motor het in die modder vasgeval en hy moes toe verder stap
Sharon dink Hannase pa is baie snaaks, maar Hanna skaam haar vir haar pa.
Gavin moet van Beyers se klere aantrek want sy klere is in sy tas wat nog in die kar is.
Hulle eet ‘n spesiale ete omdat Hanna verjaar.
Hulle speel ook daardie aand Charades.
Hanna geniet haar verjaarsdag al het sy opgesien na Gavin se koms en sy vergeet heeltemal van Fabienne en haar storie wat sy wil skryf.

**HANNA SE GESKENKE WAT SY ONTVANG:**

| VAN WIE | WAT |
|---|---|
| Beyers | ‘n Bundel Shakespeare sonnette |
| Margot | ‘n Grys oortrektruitjie met GAP in oranje |
| Mana | Lekkerruikgoed |
| Sharon | ‘n Grimeerstelletjie |
| Yann | ‘n Pen met ‘n tiervelpatroon |
| Tibo en Amos | Sjokolade |
| Gavin | Cashmere trui |

## HOOFSTUK 10: *(bl. 115 – 128)* - ***Die lewe is ‘n verhoog***

Hanna vergeet van Fabienne omdat daar soveel interressante goed in haar lewe gebeur.
Margot kan nie gaan hardloop nie maar probeer nog oefeninge doen deur aërobiese oefeninge te doen, by wie sy vir Sharon en die twee

kleiner seuns betrek.
Yann, Beyers en Gavin het sy geleende motor (rooi MG) gaan soek.
Hanna gaan weer op ‘n verbeeldingsvlug en begin dink aan ‘n **toneelstuk** waarin almal op ‘n berg vasgekeer word en iemand besluit om Margot te vermoor.

| Wie | Waarom hulle Margot sal wil vermoor |
|---|---|
| Beyers | Hy is bang sy vat die seuns saam met haar . |
| Mana | Sy is jaloers op Margot |
| Yann | Sy ma kom nooit haar beloftes na nie |
| Amos | Dink Margot hou meer van Yann as van hom. |
| Sharon | Margot het vir haar gejok oor Julia Roberts. |
| Gavin | Hy en Margot baklei oor maskara. |
| Hanna | Margot het haar beste vriendin betower. |
| Tibo | Hy sal moordenaar moet wees want hy het geen motief nie. |

Hanna hoor hoe Beyers vir Mana vertel dat hulle nie gou deur die drif sal kan kom nie. Hulle is vasgevang op die berg.
Gavin gee vir Hanna haar verjaarsdaggeskenk – ‘n Cashmere trui.
Margot en Sharon grimeer vir Hanna en maak haar mooi.
Gavin berei vir hulle ‘n besonderse maaltyd voor want dit is Hanna se verjaarsdag.
Na ete dans hulle almal saam. Hanna raak jaloers want Yann en Sharon dans die hele aand.

## HOOFSTUK 11: *(bl. 129 – 138)* - *Liefde in die lug*

Hanna besluit om eerder ‘n **liefdesverhaal** te skryf. Sy het nie ervaring van liefde nie en besluit om maar haar verbeelding te gebruik.
Hanna skep ‘n nuwe verhaal met Jan en Fabienne en Anna.
Margot reageer op dramatiese wyse toe sy hoor dat sy moontlik nie betyds in Johannesburg sal kan kom nie.
Gavin probeer vir Margot kalmeer maar maak dinge net erger en sy gaan na haar kamer.
Sharon is nie bekommerd as sy besef dat sy nie haar pa sal kan kontak nie, sy weet hy sal wel ‘n plan maak.
Mana besluit dat hulle van nou af net sop sal moet eet, want hulle weet nie hoe lank hulle nog op die berg sal moet bly nie.
Gavin besluit dat hulle almal aan ‘n konsert moet deelneem. Dit sal ook ‘n manier wees om Margot uit haar kamer te kry, want applous is haar suurstof (sy leef daarvoor)
Hanna is geskok toe Sharon vir Yann bo haar verkies om ‘n item te lewer.
**Hanna se liefdesverhaal:**

- Jan, Anna, Fabienne – liefdesdriehoek.
- Jan verdrink byna en Anna red hom en hy begin meer aandag aan haar te gee.
- Fabienne is jaloers en raak kwaad dat Anna altyd moet saamgaan.
- Jan stuur vir Fabienne weg en vertel vir Anna dat hy haar liefhet.
- Anna besluit haar vriendskap met Fabienne is belangriker as haar

liefde vir Jan en jok vir hom. Intussen het Fabienne iemand anders ontmoet.
- Hanna voel haar liefdesverhaal moet ‘n ongelukkige einde hê.
- Jan en Anna kom dus nie by mekaar uit nie. Anna stuur Jan weg en Jan besluit om met Fabienne te trou.

## HOOFSTUK 12: *(bl. 139 – 147)* - ***Wat van ‘n ongelukkige einde***

Margot wil nie aan Gavin se konsert deelneem nie, want sy woon in Los Angeles en het nie die konsert nodig nie.
Margot en Gavin sê mekaar oor en weer sleg, maar maak uiteindelik weer vrede.
Tibo en Amos se musiekitem is die eerste item.
Mana en Beyers sing twee liedjies van die Briels.
Beyers lewer ‘n individuele item waarin hy bekendes namaak en dan moet die ander raai wie dit is.
Yann en Sharon lewer ‘n dansitem.
Tibo en Amos se tweede item eindig in ‘n vuisgeveg en hulle word na verskillende kamers gestuur om af te koel.
Hanna se item bestaan uit verskillende stukkies gedigte maar niemand behalwe Beyers verstaan en waardeer dit nie.
Margot se vertoning is uitstekend en sy is dan ook die wenner.

## HOOFSTUK 13: *(bl.148 – 156)* – ***Konflik! Verraad! Jaloesie!***

As Hanna die oggend ná die konsert wakker word, besef sy dat dit uiteindelik ophou reën het.
Hanna besluit dat sy nou liewer ‘n **avontuurverhaal** wil skryf.
Hulle maak beurte om berg-af te stap om te gaan kyk of die rivier nog nie sak nie.
Margot is nie meer ontsteld omdat die rivier te hoog is om deur te kom nie, want sy het haar Tarot-kaarte gelees en daarvolgens weet sy dat sy betyds in Johannesburg sal wees.
Mana besluit dat sy die vloer wil was.
Margot lees net die Tarot-kaarte as sy ‘n spesifieke vraag het om te vra.
Margot lees die Tarot-kaarte vir Sharon terwyl Yann grappies maak.
Die kaarte voorspel vir Sharon niks goeds oor haar verhouding met Yann nie.
Margot besluit om die kaarte weg te pak, want daar is te veel negatiewe vibrasies in die lug.
Tibois baie teleurgesteld oor Margot se besluit, want hy wou ‘n vraag oor sy pa vra.

## HOOFSTUK 14: *(bl. 157 – 166)* - ***Nog ‘n onverwagse gas***

Die aand terwyl hulle aan tafel sit begin Mana se kraampyne.

Margot bied aan om Mana te help, want sy was voorheen ‘n verpleegster. Sy sê altyd sy het die verkeerde teater gekies.
Margot sny haar pragtige naels met die naelknipper af.
Gavin is vol bewondering vir Margot wat beheer oor die situasie kan neem.
Hanna vlug by die kamer uit want dit is vir haar te moeilik om te sien hoe haar ma deur die pyn gaan.
Gavin vertel vir Hanna dat sy ‘n wonderlike, mooi babatjie was.
Hanna het ten einde laaste haar eie sussie.
Mana bedank Margot vir alles wat sy vir hulle die week gedoen het.
Hanna voel baie beskermend teenoor haar sussie en wil nie hê dat sy ooit seerkry nie.

**HOOFSTUK 15:** *(bl. 167 – 178)* ***Banieropskrifte: Gesin op berg gered***

Almal bewonder die nuwe baba.
Mana wil haar ‘n naam gee wat iets met water te doen het, omdat dit so baie die afgelope tyd gereën het.
Gavin erken dat hy graag vir Hanna ‘n ander naam wou gee, maar dat Mana niks daarvan wou weet nie – iets soos Fabienne of Pascale.
Hanna besluit dat haar bynaam dan Fabulous Fabienne sou wees.
Sharon is nie bekommerd dat haar pa nie by haar sal uitkom nie.
Almal is gereed om af te stap rivier toe om die watervlak te gaan ondersoek toe hulle ‘n helikopter hoor.
Hanna dink aan die dramatiese opskrifte wat dit in die koerant sal wees. Haar lewe is nie so vervelig soos sy gedink het nie. Margot sê vir Yann dat hy iets roois moet kry om hulle aandag te trek.
Sharon se pa en ma klim uit die helikopter uit. Hulle het besef dat daar moeilikheid was toe hulle niks van hulle hoor nie.
Beyers, Mana, Margot en die kleintjie vertrek saam met Sharon se pa in die helikopter. Sharon is maar te bly om agter te bly.
Gavin moet agter bly om na die kinders te kyk.

**HOOFSTUK 16:** *(bl. 179 – 164)* **- *Vaarwel, fabelagtige Fabienne***

Margot is baie opgewonde, want sy gaan saam met die helikopterloots uiteet.
Gavin bly agter om na die kinders te kyk.
Margot sê vir Hanna dat sy ‘n roman moet skryf en as die roman ‘n draaiboek word, wil sy ‘n rol in die fliek hê.
Margot maak ook ‘n belofte aan die seuns dat sy vir hulle in die Kaap sal kom kuier na haar Televisiereeks.
Tibo wil nog steeds hê dat Margot die Tarot-kaarte vir hom moet lees, omdat hy graag meer oor sy pa sal wil weet.
Yann en Amos is baie hartseer dat hulle ma weer weggaan.
Gavon stel voor dat hulle ‘n partytjie hou. As al die kinders moeg is, dans Gavin nog steeds.
Hanna besluit om finaal van Fabienne afskeid te neem. Sy sal nou oor haar eie lewe skryf, want haar eie lewe is ook interessant.

| Sy sal die boek die ongelooflike avonture van HANNA HOEKOM noem. |
|---|

## KONTEKSTUELE VRAE

| Vraagno | Bl.no | Vraag |
|---|---|---|
| 1. | | Waarom is die titel van hierdie verhaal so gepas? |
| 2. | 22 | Hoe het Hanna tot voor haar vyftiende verjaarsdag oor Gavin as pa gevoel? |
| 3. | 22 | Na wie of wat het Hanna verwys toe sy van die proefbuis gepraat het? |
| 4. | 26/27 | Hoe beskryf Hanna die nuwe huis waarin hulle pas getrek het? |
| 5. | 28 | Waarom word die ongebore baba "Ditjie" genoem? |
| 6. | 30/31 | Beskryf volledig die chaos wat geheers het toe hulle begin gereed maak om met vakansie te gaan. |
| 7. | | Kies uit KOLOM B die woorde wat pas by die karakters in KOLOM A |

| KOLOM A | | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Beyers | A | Rykmanskind wat graag 'n gewone gesins-lewe wil hê. |
| 1.2 | Gavin | B | Hartseer seuntjie wat na sy ma in Amerika verlang. |
| 1.3 | Tibo | C | "cool" tiener |
| 1.4 | Yann | D | Irriterende agtjarige. |
| 1.5 | Amos | E | Kunstig, vrolik en lewenslustig. |
| 1.6 | Sharon | F | Sterk en verantwoordelike versorger |

| Vraagno | Bl.no | Vraag |
|---|---|---|
| 8. | 29 | Watter beroep het Fabienne se pa beoefen? |
| 9. | 33 | Wat was die kinders se reaksie toe Beyers hulle meedeel dat hulle almal saam met vakansie gaan, veral 'n wittebrood? |
| 10. | 40 | Verduidelik die stellings: bloedvingers, suikervingers, groenvingers. |
| 11. | 42/43 | Beskryf die huis op die berg. |
| 12. | 53 | Wat is die fisiese verskil tussen Hanna en Sharon? |
| 13. | 60 | Hoe het Mana hier probeer om die gesin saam te snoer? |
| 14. | 64 | Wat het Tibo en Amos in Hanna se kamer gaan maak? |
| 15. | 70 | Fabienne se pa voel skuldig omdat hy nie genoeg tyd saam met haar deurbring nie. Hoe probeer hy die probleem oplos? |
| 16. | 74 | Wat het Beyers altyd vir Mana gegee in plaas van blomme en juwele? |
| 17. | 78 | Was Sharon geskok toe sy by die huis op die berg aankom? Verduidelik. |
| 18. | 88-92 | Gee 'n volledige beskrywing van Margot. |
| 19. | 102 | Hoe is Hanna op haar verjaarsdag verras? |
| 20. | 109 | Waarom noem Yann Hanna se pa die "queen"? |
| 21. | 110 | In watter toestand het Hanna se pa by hulle aangekom en waarom? |

| | | |
|---|---|---|
| 22. | 113 | Wat is die Charade-speletjie wat hulle met Hanna se verjaarsdag gespeel het? |
| 23. | 119 | Met watter motor het Gavin vir hulle kom kuier wat in die modder vasgeval het? |
| 24. | 121 | Wat het Gavin vir Hanna vir haar verjaarsdag gegee? |
| 25. | 128 | Dit klink of Hanna effens jaloers is. Waarop sou jy sê, is sy jaloers? |
| 26. | 131 | Skryf puntsgewys die liefdesverhaal van Hanna neer. |
| 27. | 141... | Gee ‘n volledige beskrywing van Gavin se konsert en wat aangebied is. |
| 28. | 146 | Wat is Margot se volle name? |
| 29. | 150 | Wat is Tarot-kaarte? |
| 30. | 152 | Hoe het Margot die Tarot-kaarte gebruik? |
| 31. | 155 | Waarom het Margot die Tarot-kaarte weggepak? |
| 32. | 156 | Tibo is baie teleurgesteld in Margot se besluit om die kaarte weg te pak. Hoekom is hy teleurgesteld? |
| 33. | 158 | Beyers was op die ou einde vies omdat hulle op die berg gaan vakansie hou het. Verduidelik. |
| 34. | 159 | Watter vergelyking word deur Hanna getref? |
| 35. | 180 | Wat is Margot se laaste woorde aan Hanna? |
| 36. | 181 | Wat belowe sy aan haar twee seuns, Yann en Amos? |
| 37. | 183 | Watter plan kry Hanna vir haar roman? |
| 38. | 184 | Wat gaan die titel van haar roman wees? |
| 39. | | Hanna het deur die loop van die roman besluite verander vir die verhale wat sy wil skryf. Noem die verhale in volgorde. |



# DRAMA

## Paljas – Chris Barnard

### DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD "PALJAS":

- Paljas is 'n ander woord vir "toor"(magic), "toorgoed"(magic charms) of "nar" (clown).
- Die sirkus en die nar (Manual) speel 'n belangrike rol in die drama.
- In die sirkus word towerkunsies en toertjies gedoen wat dan deur Manual in die verhaal toegepas word.
- Hy "toor" Willem dat hy weer praat.
- Hy "toor" die McDonalds om weer met mekaar oor die weg te kom.

### AGTERGROND

- ❖ Die drama, Paljas is die verhaal van 'n wonderwerk wat met 'n gesin gebeur het.
- ❖ Die spoorwegwerker, Hendrik McDonald, woon met sy gesin op 'n afgeleeë stasie, Toorwater, in die Karoo.
- ❖ 'n Sirkustrein arriveer op die stasie en verpas sy aansluiting.
- ❖ Hendrik, sy vrou Katrien, hul dogter Emma (19) en hul seun Willem (9), se lewens word in die loop van die verhaal verander weens Willem se verhouding met die sirkusnar, Manuel.
- ❖ As gevolg van Manuel se magiese teenwoordigheid, leer Willem weer praat en die verbrokkelde verhoudings in die gesin verander na liefde vir mekaar.
- ❖ Positiewe verhoudings In die breë gemeenskap word ervaar.

### DIE VERLOOP VAN GEBEURE

- Hendrik McDonald se verhouding met sy vrou, sowel as met sy kinders, is glad nie goed nie. Hy lewe egter in 'n leuen en maak asof niks in sy gesin verkeerd is nie. Saans luister hy na plate van Joseph Schmidt en Tino Rossi; musiek oor ver en vreemde plekke en soek ook geluk vir homself en vir sy gesin. Op **bladsy. 12** kom dit voor asof hy in mymering (met homself) praat alhoewel Nollie Kemp ook daar sit:
  *"Ek wonder darem hoe is al daardie plekke wat hulle so van praat. Jy weet, London en al die plekke. Of is dit nou byvoorbeeld mooier as die Klein Karoo en so. Of is die mense daardie kant nou beter of slimmer of ryker of wat? Klink my hulle is gelukkiger."*
- Katrien beskuldig en verwyt vir Hendrik omdat hy nie hulle ongelukkige situasie verstaan nie: *"Jy's vyf en veertig en wat het jy? Niks. Net mooi niks. Jy's vyf en veertig en jy pas 'n stasietjie op waarvan almal al vergeet het. Jy's grootmeneer en jy't baie te sê …* (bladsy 42).

- Die verbrokkelde huweliksverhouding sowel as die gesin se onttrekking van die buitewêreld én van mekaar blyk uit Katrien se woorde op **bladsy 46**:
  *"Op Touwsrivier twintig jaar terug het almal gesê jy gaan stasiemeester wees voor jy dertig is. Toe kom Emma. Toe Lydenburg. Toe Soekmekaar. Toe kom Willem. Toe begin als verkeerd loop. Toe Twyfelfontein. Elke stasie 'n bietjie kleiner, bietjie valer, bietjie verder van als af. Nou sit ons hier. Kyk hoe lyk als, Hendrik. Kyk hoe lyk ons …"*
- Hendrik McDonald was baie besitlik op sy vrou, Katrien. Hy was bang dat 'n ander man haar van hom sou wegvat dat hy haar amper nie 'n oomblik alleen gelaat het nie.
- Hendrik het as gevolg van hierdie agterdog en jaloesie telkens na 'n kleiner stasie verhuis om sy vrou van buite-egtelike verhoudings te weerhou.
- Op Toorwater wil dit blyk asof daar 'n verhouding tussen Frans Lombard, 'n boer van die omgewing, en Katrien gaan ontwikkel. (bladsy 36)
- Hulle dogter Emma speel nie meer klavier nie en raak ook al meer in haarself gekeer. Sy ontwyk mense en weier toenadering.
- Die gesin praat nie meer met mekaar nie en dit blyk duidelik uit die jongste seun, Willem, wat vir twee jaar al opgehou praat het. Hy kán praat, maar wil nie.
- Sy pa neem hom na Oudokter toe, maar hy diagnoseer dit as 'n angstoestand of bloot net ongelukkigheid met die lewe.
- In die middel van die nag kom 'n sirkustrein op die stasie aan vol hokke met diere en Hendrik was woedend - niemand het hom in kennis gestel van die trein wat sal arriveer nie. (bladsy 17 – 22)
- Willem het teësinnig skool toe gegaan, want hy wou by die trein bly. Dit was vir hom soos 'n sprokiesland wat die stasie binnegekom het.
- Willem maak vir die eerste keer kennis met die nar. Skielik verskyn die kop en rug van 'n olifant. Wanneer hy halfpad oor die bult is, word die nar wat huppelend voor hom stap, sigbaar.
- Die nar is geklee in sy volle narrepak en hy lei die olifant aan 'n tou. Die olifant hou op sy beurt die tou met sy slurp vas. (bl. 23)
- Die nar se naam is Manuel en hulle volg vir Willem waar hy gaan.
- Hy slaap nie saam met die ander sirkusmense nie, hy slaap in die ou skuur.
- Manuel bly agter wanneer die sirkustrein weer vertrek na sy eintlike bestemming toe.
- Willem gaan daagliks na Manuel toe en dié laat hom lag en leer ook vir hom om toertjies te doen.
- Deur middel van spel en leiding, dring Manuel sistematies deur tot Willem en 'n transformasie is besig om by Willem in te tree.
- Na 'n rusie tussen Hendrik en Katrien, kom Willem weer hartseer by Manuel aan: *"Nee-nee-nee-nee-nee-nee. Nie trane nie. Die lewe is te kort vir trane. Ons speel liewer. Speel is altyd beter as trane. Altyd. (Die nar voel in sy sakke rond en haal 'n grimeerpotlood uit. Hy verf twee groot boë bokant Willem se oë.) Kom, kom ons teken iets. (Hy soek in sy broeksak en haal 'n ander kleur uit. Hy verf Willem se mond.) Kom ons teken die trane weg. Ons vee die ou Willem uit en ons teken 'n nuwe Willem."* (bladsy 43 & 44)
- Die dominee en die gemeenskap begin die McDonalds verstoot as gevolg van Willem se eienaardige optrede en goëltruuks wat hy doen.

- Die polisie het gerugte gehoor dat daar ‘n man in die ou skuur woon wat dalk ‘n voorvlugtende misdadiger kan wees.
- Willem se ouers moes hom skreeuend en skoppend vashou en dit het die gerugte versterk dat hy ‘n besete kind was; ‘n duiwelskind.
- Die polisie kyk in die skuur en sien die tekeninge. (bladsy 49 – 53)
- Die gemeenskap beskou die nar as boos en gevaarlik en beskuldig hom vals van duiwelaanbidding. (bladsy 68 – 70)
- Die nar neem ‘n besluit om, geklee in sy narremondering, die erediens in die kerk by te woon.
- Die nar word uit die kerk gejaag en word in sy weerloosheid die prooi van jagters: die gemeenskap maak letterlik met gewere jag op hom en verwond hom.
- Die McDonald-gesin versorg hom en in die proses ontdek hulle weer hulleself. Medemenslikheid, menswaardigheid en eiewaarde. Terwyl Hendrik by die gewonde nar sit, maak hy die volgende stelling:*“Ek is Hendrik McDonald. En ek mag ek wees. En jy mag Emma wees. En Ma en Willem en almal. Nollie Kemp is Nollie Kemp en klaar. Ons is ons met al ons skete en al. (Hy kyk skielik vir Willem.) Of wat sê jy, Willem?”*(bladsy 80)
- Met Manuel in die nabyheid, het die McDonalds se huis weer ‘n tuiste geword- hy het vrede gebring.
- Emma het weer klavier begin speel en Manuel gee vir Willem ‘n konsertina en leer hom speel.
- Die nar verlaat die gesin om terug te keer na die wêreld vanwaar hy in die eerste plek gekom het. *“Dis seker maar waar – die storie van once a clown, always a fool. Ek mis die ou groot tent. Ek weet nie hoekom nie.”* (bladsy 84)
- Die gesin gaan almal saam na die Volstruisdans om sodoende weer deel van die gemeenskap te word.
- Jan Mol en sy maats begin om eiers en tamaties na hulle te gooi en selfs klippe na hulle motor toe gegooi. (bladsy 87)
- Die dorpsmense daag by die McDonalds se huis op, almal skaam oor wat gebeur het. (bladsy 90)
- Hulle hou Volstruisdans by die McDonalds se huis waar ‘n gemeenskaplike fees gehou word.
- Willem klim op die windpomp met Manuel se konsertina en speel wat hy ken.

## KONTEKSTUELE VRAE

**(Bladsy 6 – 8)**

1. Wat is hierdie gesin se van?
2. Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek?
   *Willem kon nie praat nie want ...*
   A hy is stom gebore.
   B sy tong is afgesny.
   C hy ly aan ‘n angstoestand.
   D sy ouers praat te min in die huis.
3. Waarom, dink jy, het Katrien “iets soos pyn of dalk frustrasie” op haar gesig gehad?
4. Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder:

| beskermend; betower; kommunikeer; eensaam; frustreer |
|---|

Die toneel aan die begin van die drama vertel reeds vir ons hoe sleg die gesin met mekaar ... (4.1). Elkeen van die gesinslede is besig met sy/haar eie aktiwiteit. Eers wanneer ons die drama verder lees, verstaan ons die pyn of dalk frustrasie op Katrien se gesig.
Sy voel baie (4.2) waar hulle as gesin woon. Katrien tree duidelik baie (4.3) teenoor Willem op.

5. Rangskik die volgende gebeure aan die begin van die drama in die korrekte volgorde:
   A. Emma en haar pa baklei laataand oor Nollie.
   B. Die gesin hoor ‘n leeu brul.
   C. Emma sê sy gaan nooit trou nie.
   D. Die leser kom agter Willem kan nie praat nie.
6. As Katrien beskryf word met “oë in haar agterkop”, beteken dit sy weet van dinge sonder om dit te sien. (WAAR of ONWAAR?)
   Motiveer jou antwoord.
7. KATRIEN: Hendrik, los die kind.*(Hy hoor nie; of wil nie hoor nie, hy sit nog steeds en staar) …* Hendrik!
   7.1 Hoekom word die naam “Hendrik” herhaal?
   7.2 Met watter probleem sukkel die gesin?
8. Wat lei jy uit die atmosfeer aan die ontbyttafel af?
9. Die tweede oggend van die drama begin net so gewoon en vervelig soos die eerste oggend. (WAAR of ONWAAR?)
   Motiveer jou antwoord met ‘n rede uit die verhaal.
10. Watter antwoord voltooi die sin korrek?
    *Toe die sirkuskombi ‘n paar dae later wegry en Willem sien dat die sirkustrein weg is, …*
    A. jaag hy met sy fiets huis toe.
    B. dink hy dat die nar ook weg is Uniondale toe.
    C. weet hy dat hy nou die rol van die nar kan speel.
    D. hoor hy op pad skool toe hoe iemand aanhou fluit.

**(Bladsy 39 – 40)**

11. Wie se skuld is dit, volgens Oudokter, dat Willem nie kan praat nie?
12. Skryf ‘n paragraaf waarin jy vertel wat tussen die nar en Willem in die skuur gebeur het die middag nadat Willem saam met Hendrik by Oudokter was.
13. Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek?
    *Hendrik sê dit is lekker waar hulle nou bly want …*
    A hy weet Katrien is gelukkig daar.
    B die ander mense in die omgewing hou baie van hulle.
    C daar’s niemand wat Katrien van hom probeer wegvat nie.
    D hy verdien genoeg en kan vir Katrien alles koop wat sy wil hê.
14. Toe Emma vroeg die volgende oggend kom sê dat Willem op die divan op die voorstoep lê en slaap, is Hendrik smoorkwaad (WAAR of ONWAAR?)
    Motiveerjou antwoord.
15 Waarom sal jy met Dominee se waardes saamstem?
16 Wat is die tema van die drama?

17 Kies die korrekte antwoord:
Hendrik is ‘n (pligsgetroue / lui) karakter.

18 Kies die sin uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas:

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 18.1 Die honde storm blaffend die skuur in met die polisie agterna. | A. Hendrik dink dat Willem met die helm gebore is. |
| 18.2 Die polisie wys vir Hendrik die tekening teen die skuur se muur en die goed op die tafel. | B. Die nar kom per fiets van die kerk af. |
| 18.3 Hendrik vra vir Willem wie hom leer om te toor en of die dinge in sy drome na hom toe kom. | C. Willem skree benoud. |
| 18.4 Die nar is nie in die skuur of tussen die bloekombome nie. | D. Die goed in die skuur lyk vir die polisie soos duiwelskuns. |
| | E. Die mense kyk snaaks na Hendrik en Katrien. |

**(Bladsy 66 – 78)**

19. Watter storie het die dorpsmense oor Willem vertel nadat hulle gehoor het hy loop met snye brood die veld in?
20. Kies die persoon uit uit KOLOM B wat die woorde in KOLOM A gesê het.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 20.1 “Dis hy! Dis die ou wat daardie McDonald-kind so teken.” | A. Hendrik |
| 20.2 “Verwyder asseblief vir ons die – grapmaker” | B. Nollie |
| 20.3 “Ons moet maar almal vir ons self uitwerk wat is waar en wat nie.” | C. Broer Bothma |
| 20.4 “Ek sal jou handdoek vir jou aangee as jy belowe jy gaan saam met my Volstruisdanstoe.” | D. Dominee |
| | E. Jan Mol |

21. Sê hoekom die volgende karakters so ontsteld was oor die dominee se besoek:
    Hendrik
    Katrien
    Willem
22. Hoekom was die dominee so ontsteld toe hy die nar in die kerk sien?
23. Hoekom was dit verkeerd om die nar uit die kerk te jaag?
24. Waarom het Jan Mol voorgestel dat hulle by die skuur moes begin soek toe hulle by Hendrik-hulle aankom?

25. Die nar het besluit om vir altyd by die McDonalds te bly. (WAAR of ONWAAR?)
    Motiveer jou antwoord.

# KORTVERHALE

## Die engelman (vir Cila) - *Izak de Vries*

### Opsomming van die verhaal

- Chris is 'n Afrikaanssprekende jongman wat in Dover as taxibestuurder gaan werk om geld te verdien om verder te studeer.
- Nadat hy 'n ruk in Engeland is, beëindig sy vriendin Natalie, wat in Suid-Afrika agtergebly het, hulle verhouding omdat sy iemand anders ontmoet het.
- Juis op die dag wat hy hierdie ontstellende nuus kry, laai hy vier Suid-Afrikaners op, twee mans en twee meisies, wat op pad na die hawe is om 'n skip te haal.
- Die een meisie is 'n blondine, en die ander een word beskryf as iemand uit die Bo-Kaap. Chris vind haar pragtig en ook baie slim, want sy is, soos hy, 'n leser van die moeilike romans van Umberto Eco.
- Chris besef dat hy op dié meisie verlief sal kan raak. Dit is nie 'n verhouding wat sy pa sal goedkeur nie, maar hy is van 'n ander generasie en voel aangetrokke tot haar op grond van haar skoonheid, sprankelende geaardheid en intelligensie.
- Hy dink aan 'n slim plan om die moontlikheid te skep dat hulle mekaar weer kan sien wanneer sy drie dae later terugkeer na Engeland.

### Vrae

1. Hoekom is dit vir Chris so 'n groot verlies dat Natalie hulle verhouding beëindig het?
2. Daar word gesê: "Dis 'n grys dag". Gee twee verklarings van wat hierdie woorde beteken binne die verband waarin dit gebruik word.
3. Is Chris goed aangepas in Dover?
4. Watter groot verskil is daar, volgens Silina, tussen die Engelse en die Suid-Afrikaners?
5. Wat, aangaande Chris, beïndruk Silina?
6. Wat laat Chris besluit om die boek van Umberto Eco vir Silina te gee?
7. Chris dink later weer daaraan dat dit die tweede keer in sy lewe is dat hy die regte ding gedoen het. Wat was die eerste ding wat hy reg gedoen het?
8. Kyk na jou antwoord op die vorige vraag en besluit hoekom Chris dink hy het vroeër 'n verstandige besluit geneem.
9. Waarom soek Chris daardie aand spesifiek die betrokke klein kroegie op?

# Die goue kitaar - *Heinrich van der Mescht*

## Opsomming van die verhaal

- "Die goue kitaar" handel oor 'n jongman wat oorsee wil gaan. Hy droom ook daarvan om eendag op 'n Fleta te speel.
- Ondanks sy pa se voorspellings oor al die rampe wat hom sal tref en sy dreigement dat hy nie van plan is om hom dan te help met sy studies nie, slaag die jongman wel daarin om homself aan die lewe te hou met sy kitaarspelery.
- Sy pa se hoed wat hy langs hom neersit, word elke keer vol geld, waar hy ook al speel.
- Net voor hy terugkom na Suid-Afrika, word sy beursie gesteel en hy moet ryloop. Die man wat hom oplaai is ook 'n kitaarentoesias en nadat hulle ontdek het hoeveel hulle met mekaar gemeen het, nooi die man hom vir ete in sy afgeleë plaashuis.
- Die aand verloop vreemd, want hy word toegesluit in die slaapkamer waar daar klaarblyklik voorheen musiek gemaak is en waar daar 'n Fleta is.
- Hy begin uiteindelik speel en raak heeltemal meegevoer deur dié verruklike ervaring.
- Wanneer hy uitkom, is die raaiselagtige huisbaas weg, maar hy het genoeg agtergelaat om in al die jongman se behoeftes te voorsien.
- Terug in Suid-Afrika sê sy pa hy verstaan wat daar gebeur het – en 'n mens wonder of die pa nie al die tyd op 'n wonderbaarlike wyse tog die bystand verleen het wat hy gesê het hy nie van plan was om te doen nie.
- Uiteindelik is die verhaal dan tog oor 'n pa wat sy seun beskerm en sy wens help vervul.

## Vrae

1. Noem kortliks die twee voorspellings van die pa wat nie waar geword het nie.
2. Dink jy die pa bedoel wat hy sê as hy sê die seun is mal en alle kitaarspelers is stapelgek? Motiveer jou antwoord.
3. Watter aanduidings is daar dat die verteller in die Kensington Gardens heeltemal verlore raak in sy kitaarspel? Haal 'n frase aan.
4. Sy pa se hoed is vir die verteller baie belangrik.
    a. Waarom?
    b. Kan jy uit sy manier van vertel aflei dat die hoed belangrik is? Motiveer jou antwoord.
5. Die verteller sê dat die diefstal van sy beursie nie 'n groot probleem was nie, want "… ek kon mos darem my duim gebruik". Dink jy dié frase is hier slim gebruik? Verduidelik.
6. Kyk na die gesprek tussen hom en mnr. De Vienne.
    a. Wat openbaar dit omtrent hulle albei?
    b. Is dié gesprek belangrik vir die verdere verloop van die verhaal? Motiveer jou antwoord.
7. Aan die begin dink 'n mens dat daar dalk 'n slegte verhouding tussen die pa en die seun is. Noem twee dinge wat wys dit is nie so nie.

8. Is daar iets wat jou laat dink dat daar dalk vreemde dinge in dié huis kan gebeur?
9. Wat lei jy af uit die inhoud van die kamer?
10. Kyk na die paragraaf waarin die verteller beskryf hoe hy speel.
    a. Waarom dink jy word die woord "en" so baie gebruik?
    b. Waarom sê hy druk die Fleta "onder my hart" en nie "teen my bors" nie?
11. Hoekom dink jy het mnr. De Vienne die verteller in die kamer toegesluit en toe weggery sonder om verder iets te sê?
12. Wat lei jy af uit die woorde: "Toe ek klaar geëet het, het ek besluit ek slaap nou maar in my kamer"?

## Die storie van Piet se oupa - *Abraham H. De Vries*

### Opsomming van die verhaal

- Oupa was ongelukkig op die plaas en het toe by 'n weduwee op Calitzdorp gaan intrek.
- Dit het egter nie lank geduur nie; hy kon nie slaap met 'n kerkklok wat elke 15 minute geslaan het nie.
- Die weduwee is oorlede voor daar 'n ernstige verhouding ontwikkel het, maar daar was stories dat Oupa sowat 'n maand na haar dood alweer na 'n ander weduwee in die tehuis begin loer het!
- Ses maande ná die weduwee se dood het Oupa by Trudie, Piet se suster, en haar man Doon op Somerset-Wes gaan kuier.
- Oupa en Doon was goeie vriende.
- Op 'n dag is hulle almal dorp toe om rekeninge te betaal.
- Oupa was die oggend effens siekerig, maar het gou herstel.
- Teen die middag het hulle elkeen 'n allegaartjie ("mixed grill") by 'n restaurant bestel.
- Nét voor hulle sou begin eet, het Oupa en Doon eers gou iets gaan drink by 'n kroeg.
- Net toe hulle begin eet, het Oupa omgeval en geen poging van Trudie ('n voormalige hospitaalmatrone) of 'n verpleegster wat toevallig teenwoordig was, kon hom bybring nie.
- Hy is in 'n ambulans weggeneem terwyl almal vas oortuig was van sy dood.
- Die stamperige pad het egter veroorsaak dat Oupa se hart in die ambulans weer begin klop het.
- Die eerste ambulansman wat die agterdeur gaan oopmaak het, het hom flou geskrik toe hy in Oupa se gesig vaskyk en die tweede een het dadelik weggehardloop.
- Al wou Trudie eers glad nie die storie glo dat Oupa nog leef nie, het sy tog gery en hom gaan haal.
- Uiteindelik het hy in die motor tog te lekker gesmul aan die tjoppie wat Trudie met sy "dood" in 'n pakkie saamgeneem het!

### Vrae

1. Piet se oupa is die hoofkarakter in hierdie verhaal. In watter opsig tree hy anders op as wat 'n mens van 'n oumens sal verwag? Kies een van die

volgende moontlikhede:

a. Hy vertel graag humoristiese verhale.
b. Hy wil nie op die plaas bly nie.
c. Hy eet baie.
d. Hy stel nog baie belang om vroue die hof te maak.

2. Piet Wessie se pa het gesê: " … in hulle familie probeer almal nog om sy pa gróót te kry". Wat het hy daarmee bedoel?
3. Piet se oupa wou nie op die plaas bly nie. Hy het gesê dat hy darem ook nog lewe. Watter een van die volgende karaktereienskappe blyk uit dié woorde van hom?

   a. Hy is eintlik 'n dorpsmens.
   b. Hy is 'n baie sosiale mens wat hou van kuier.
   c. Hy het 'n baie sterk wil.
   d. Hy is lief vir vrouens.
4. Ons lees in die vierde paragraaf dat die weduwee "bloedrooi" gebloos het. Waarom het sy so erg gebloos?
5. 'n Maand na die weduwee se dood het Piet vir Oupa reguit gevra of daar waarheid steek in die stories dat hy by 'n ander weduweekuier. Wat kan ons aflei uit die feit dat hy eers " ... rondgekyk (het) dat niemand hom moet hoor nie" voor hy verder gepraat het? Kies een van die volgende moontlikhede:
   a. Hy is nogal stout.
   b. Hy tree altyd baie eerbiedig op.
   c. Hy is verlief op die weduwee.
6. Waarom pas dit Oupa dat die matrone lief is vir kaartspeel?
7. Die verteller sê van Oupa en Doon: "Nie een van hulle was 'n werfhond van 'n mansmens nie."
   a. Wat beteken dit?
   b. Ons lees hulle gaan kyk "kamma na 'n klein plasie wat op Tulbagh in die mark is". Wat lei jy af uit die woord *kamma?*
8. "Dis tog maar 'n genade dat dit Oupa gespaar gebly het dat hy ooit in sy lewe moes kies tussen 'n vroumens en 'n mixed grill." Wat sê dit omtrent Oupa se karakter?
9. Die verpleegster wat hulle kom help het, het gesê: "Ons het Oupa verloor". Wat het sy eintlik met hierdie woorde bedoel?
10. Wat het veroorsaak dat Oupa se hart weer begin klop het?
11. Wanneer die dokter vir Trudie bel om te sê dat Oupa nie dood is nie, maar by hom sit, volg daar eers 'n lang stilte "aan die ander kant" van die telefoon. Waarom was daar stilte? Kies een van die volgende moontlikhede:
    a. Trudie het nie mooi gehoor wat die dokter sê nie.
    b. Trudie was geskok oor die boodskap.
    c. Trudie het nie geweet hoe hulle Oupa sal kan gaan haal nie.
12. Dit is opvallend dat Oupa aan die einde van die verhaal aan sy wenkbrou draai terwyl hy die storie vertel. Wat kan ons aflei uit hierdie handeling van hom?
13. Dink jy Oupa is 'n intelligente taalgebruiker? Motiveer jou antwoord.

# Kaptein Duiwel - *Dana Snyman*

## Opsomming van die verhaal

- Sekere besonderhede in dié verhaal maak dit vir ons moontlik om te bepaal wanneer dit afspeel.
- Die afstande word in myle uitgedruk en die snelheid van die voertuie in myl per uur.
- Metrisering het in 1967 in Suid-Afrika begin en die proses sou tien jaar duur.
- Van die Hillman Vogue waarin die gesin ry, weet ons dat dit ‘n plaaslike weergawe van die Hillman Hunter met ‘n Peugeot-enjin was – ‘n model wat in die sewentigerjare in Suid-Afrika bemark is. Ons kan dus aflei dat die verhaal in dié tyd afspeel.
- “Kaptein Duiwel” is ‘n humoristiese vertelling van’n gesin se probleme toe hulle motor op ‘n baie warm Nuwejaarsdag, 50 km van Pofadder af gaan staan, terwyl hulle op pad is na ‘n vleisbraaiery.
- Nadat hulle baie lank tevergeefs op hulp gesit en wag het, daag daar uiteindelik ‘n redder in ‘n massiewe lorrie op wat homself bekend stel as Kleingiel Stols, ook bekend as Kaptein Duiwel.
- Dit blyk dat hy onder die invloed van drank is, en wanneer hy hulle op sleeptou neem raak die rit spoedig heeltemal buite beheer.
- Pa is uiteindelik genoodsaak om drasties op te tree om hulle van hul redder te verlos, en Ouma, wat heeltyd bereid was om raad te gee, het die laaste sê.

## Vrae

1. Wat openbaar Ouma se vrae oor die “fênbelt” omtrent haar? Noem twee eienskappe.
2. Noem twee besonderhede omtrent die Hillman Vogue wat anders is as in vandag se motors.
3. Waarom begin die kind huil?
4. Ma vertel die storie van die vliegtuig wat neergestort het en wat die mense later gedoen het.
    a. Waarom vertel sy dit?
    b. Dink jy dié groepie se situasie kan daarmee vergelyk word?
    c. Watter uitwerking het dit op die leser?
5. Die vragmotor toet, hou stil en die deur swaai oop.
    a. Bring dit die oplossing vir al hul probleme?
    b. Is dié situasie ironies? Motiveer jou antwoord.
6. As jy lees wat Kleingiel Stols sê wanneer hy uitklim, watter soort mens dink jy is hy? Beskryf hom in een sin.
7. “En dis Nuwejaar. Jy sal nie nou ‘n nugter mechanic kry nie.” Waarom is dit ironies?
8. Oupa hou op praat en begin om ‘n psalm te sing. Verduidelik waarom hy dit doen.
9. Hulle was op pad na Pofadder. Kom hulle daar uit?

# My tante wat in Chelsea woon - *Hennie Aucamp*

## Opsomming van die verhaal

- "My tante wat in Chelsea woon" speel hoofsaaklik in Frankryk af, enkele jare na die Tweede Wêreldoorlog toe die oorlogskade nog nie heeltemal herstel was nie.
- Die verhaal handel oor 'n jong Suid-Afrikaner wat met entoesiasme en groot verwagtinge in Engeland en Europa gaan toer om nuwe ondervindings op te doen.
- Hy vertrek uit Engeland in die winter om die vasteland te gaan verken, maar by sy aankoms in Frankryk is die weersomstandighede so sleg, dat dit lyk of die besoek 'n totale mislukking is.
- Dit maak hom mismoedig en ontnugter hom.
- Daar kom vir hom in 'n mate 'n keerpunt as hy 'n Engelse meisie, Nancy Wrotham, in 'n jeugherberg in Amiens ontmoet.
- Sy is interessant en opbeurend, en hy vind in haar 'n geesgenoot.
- Nancy vertel hom verhale oor haar tante, die beroemde aktrise Sarah Cooper, wat in Chelsea woon.
- Sy hou ook nie van Frankryk onder dié omstandighede nie, en oorreed hom om saam met haar na Engeland terug te keer.
- Sy beloof dat hy haar tante sal ontmoet en dat hulle by haar sal tuisgaan.
- Nancy verdwyn egter spoorloos as hulle op Victoria Station aankom en hy wag tevergeefs.
- Wanneer hy baie jare later terugkyk op wat daar gebeur het, verstaan hy dié ervaring anders as destyds.
- Die insig waartoe hy én die leser kom, is dat 'n mens partykeer jou drome nodig het om die werklikheid te kan hanteer.

## Vrae

1. Watter karaktereienskap het die verteller gehad toe hy in Engeland en Frankryk aangekom het.
2. Hoekom gaan hy Frankryk toe?
3. Hoe verloop die eerste deel van die verteller se Franse besoek en watter uitwerking het dit op hom? Skryf ongeveer drie sinne.
4. Kyk noukeurig na die gedeelte wat begin met "Maar weer sou dit wees …" en eindig met "… en stap stasie toe".
   a. Verduidelik in jou eie woorde wat die verteller bedoel as hy sê: "Die Notre Dame in Amiens het 'n reeks vernederings verseël."
   b. Dink jy dat hy regtig "verpletter" was, "wou huil", gekyk het "tot my oë daarvan begin brand het" en "letterlik uit die gebou gevlug" het? Motiveer jou antwoord.
   c. Waarom onthou hy die kersvlammetjies wat skeef gewaai is, die triestige geluid van die vloerpoleerder en die rollende leë emmer so duidelik?
5. Hoe beïnvloed die kennismaking met Nancy Wrotham die verteller?
6. Hoekom is Nancy ook dié tyd van die jaar in Frankryk?
7. Hoekom is die verteller so beïndruk as hy hoor Nancy se tante is 'n groot aktrise?

8. Die verteller sê: "Terwyl Nancy praat, is dit nie of sy oor bekende dinge praat nie, dis of sy met stygende opwinding die dinge nuut ontdek …"
   a. Verduidelik hoe dié vertelling oor die tante se huis tussen Nancy en die verteller verloop.
   b. Is die verteller se beskrywing van hoe Nancy vertel, nader aan die waarheid as wat hy in dié stadium besef? Verduidelik.
9. In die slot word dit duidelik dat Nancy nie 'n tante het wat 'n beroemde aktrise was nie. Hoekom het die verteller nooit onraad vermoed nie?
10. In Shakespeare se *As you like it* sê die karakter Rosalind vir die melancholiese reisiger dat hy rede het om droewig te wees, want 'n mens wat sy besittings verkoop om te reis, bly op die ou end oor met ryk oë en arm hande.
    a. Waarom lees Nancy dié gedeelte voor?
    b. Wat is die werklike situasie?
    c. Dink jy Nancy wil soos die tante waarvan sy vertel, wees? Indien wel, waarom?
11. Verklaar die slotsin vollediger.
12. Was die verteller en Nancy verlief op mekaar?
13. Nancy het gejok oor haar tante.
    a. Was die verteller reg toe hy as jongman dié gedrag baie sterk afgekeur het? Motiveer jou antwoord.
    b. Is hy nou verkeerd as hy as ouer persoon "met vertedering" daaraan dink? Motiveer jou standpunt volledig.

# Tot siens Stan Harrison - *Stephan Bouwer*

## Opsomming van die verhaal

- Erma en Marie hoor by Brenda van Stan Harrison se koms.
- Dit blyk dat Brenda reeds deur haar broer en sy vriendin – 'n onderwyseres – saamgenooi is na die konsert en een van haar maats mag saamneem. Brenda nooi vir Marie, en Erma word uitgesluit.
- Sy is verontwaardig omdat sy van Stan Harrison gehou het voor hulle nog van hom gehoor het en beraam planne om die konsert by te woon.
- Sy ontvang geld van haar pa en bekom óók 'n kaartjie vir die konsert, hoewel dit nie so 'n goeie sitplek is soos Brenda-hulle s'n nie.
- Dié aand word 'n groot belewenis vir Erma.
- Party van die liedjies wat Stan Harrison sing, ken sy goed.
- Aan die einde van die konsert lees Stan Harrison 'n sitpleknommer en vra die persoon wat daar sit om verhoog toe te kom.
- Dit is Erma.
- Hy nooi haar sjarmant nader, kniel by haar en sing vir haar 'n liedjie.
- Haar oë word vol trane, want sy voel asof hy met haar persoonlik kommunikeer.
- Die volgende dag gaan Erma terug na die stadsaal en ná Stan Harrison se middagvertoning, kry sy dit reg om tot by sy kleedkamer te vorder.
- Wat hier gebeur, is vir haar 'n skokkende en ontnugterende ervaring.
- Dit verander totaal haar gevoel teenoor hom..
- Nou het sy Stan Harrison al byna vergeet, maar daar is tog nog soms oomblikke wanneer sy alles weer onthou.

## Vrae

1. Kies die gepaste ontbrekende woorde uit die woordelys onderaan die volgende teks om in die oop spasies in te vul.
   Die woord a) _____ in die eerste reël van die verhaal dui alreeds aan dat ons hier met skoolkinders te doen het. Die verteller, b) ____, en haar twee vriendinne is besig om oor hulle popheld, Stan Harrison, se besoek aan Suid-Afrika te gesels. Met die woord c) ____ wat sy teenoor die verteller gebruik, kom ons agter dat d) ____ 'n skerp tong het.
   Later kom ons agter dat die verteller e) ____ is op die ander twee meisies as hulle haar nie saamnooi na die popheld se f) ____ nie, veral omdat sy voel dat sy tog eerste van hom gehou het. Die verteller se ma dink dat Brenda-hulle dit kan bekostig, want haar pa is 'n g) ____, maar vir hulle sal dit geldmors wees. Uiteindelik kry sy tog die geld by haar pa h) ____.
   Op die tweede bladsy van die verhaal, vind ons 'n i) ____ waar daar 'n oop spasie in die teks is om aan te dui dat daar nou tyd verloop het en j) ____ reeds in die land aangekom het. Tydens sy optrede voel dit soms vir die verteller byna of sy maar by die huis na haar k) ____ sit en luister. Aan die einde van die vertoning is dit vir die verteller 'n l) ____ as sý vorentoe geroep word en die sanger vir haar 'n liedjie sing. Juffrou Bekker bestempel haar as m) ____ en haar twee vriendinne is nou skielik n) ____ op haar.

Omdat sy hierdie gebaar té o) ____ ervaar, gaan die verteller die volgende middag in die geheim terug na die saal om wéér p) ____ met die popheld te probeer maak. Sy is egter q) ____ wanneer sy hom op ‘n bank sien lê en sy r) ____ reaksie daarna vererger die situasie. By die huis s) ____ sy alle aandenkings aan hom en die titel se betekenis is nou duidelik as sy t) ____ neem van hom.

Woorde:
*speeltyd,afskeid,swaap,Brenda,hoogtepunt,beledigende,gelukkig,optrede,dokter, Stan Harrison,kontak,Erma,tydsprong,vernietig,persoonlik,jaloers,trots,teleurgesteld,geleen,CD*

2. In reël 5 van die verhaal word die woord “skinderstories” gebruik. Wat sê dié woord vir ons van die groepie meisies wat hier sit en gesels? Kies slegs een van die volgende:
   a. Hulle hou baie daarvan om oor juffrou Bekker te gesels.
   b. Hulle is baie positief ingestel teenoor juffrou Bekker.
   c. Hulle hou van sensasie en luister graag na negatiewe opmerkings oor ander mense.
   d. Juffrou Bekker is eintlik ‘n goeie vriendin van hulle.
3. Dink jy dit is ‘n goeie ding dat Brenda juffrou Bekker by die huis op haar naam mag noem? Motiveer jou antwoord.
4. “Hulle kan gaan doppies blaas”. As jý Erma was, sou jy ook hier soos sy gevoel en gereageer het? Motiveer jou antwoord.
5. “Ek het eerste van Stan Harrison gehou, *lank* voor hulle nog eers van hom gehoor het.”
   a. Waarom is die woord *lank* kursief gedruk?
   b. Kyk na die voorafgaande gesprek tussen die drie meisies. Waarom is hierdie redenasie van Erma ironies?
6. Brenda probeer haar ouers ompraat om vir haar geld te gee vir die konsert. Uit hul reaksies kan ons aflei dat hulle haar verskillend hanteer.
   a. Wat is haar ma se houding teenoor haar?
   b. Hoe tree haar pa teenoor haar op?
7. Wanneer Brenda en Marie by die skool uitvind dat Erma geld het vir ‘n kaartjie, bestempel Brenda vir Erma as gelukkig.
   a. Waarom sê sy dat Erma gelukkig is?
   b. Watter ánder persoon sê later in die verhaal dat Erma gelukkig is en wanneer sê sy dit?
   c. Waarom is hierdie opmerkings ironies?
8. Wanneer Brenda hoor hoeveel geld Erma het vir ‘n kaartjie, sê sy: “Dit sal seker taamlik agter wees, want Ben het baie meer vir ons kaartjies betaal en dis in die middel.” Watter gesindheid/houding openbaar sy hier teenoor Erma? Kies slegs een van die volgende:
   a. snipperig
   b. simpatiek
   c. sarkasties
   d. vriendelik
9. Erma sê dat hulle verniet probeer om haar jaloers te maak. Waarom voel sy dat sy tóg beter daaraan toe is as hulle?

10. Wanneer Stan Harrison die persoon wat op sitplek DD 15 sit, vorentoe roep, sê hy: "Come on. Is it male or female?" Watter waarskuwing moes Erma eintlik reeds in hierdie woorde gehoor het?
11. Erma beleef die liedjie wat Stan Harrison vir haar sing baie persoonlik. Watter woorde in dié liedjie kon haar gewaarsku het dat sy dalk nié so spesiaal vir hom is as wat sy dink nie? Kies slegs een van die volgende:
    a. *"new love:*
    b. *"I need the gentle touch"*
    c. *"so many who didn't understand"*
12. Wanneer Erma vir Stan Harrison in sy kleedkamer op die bank sien lê, voel sy half hartseer. Waarom voel sy so? Watter een van die volgende moontlikhede is nie waar nie?
    a. Sy sien hom nou soos hy werklik is en nié as die opgesmukte popheld wat hy op die verhoog is nie.
    b. Hy lyk nie nou so mooi soos op haar foto's nie.
    c. Sy het deernis met hom omdat hy moeg is.
    d. Sy voel so omdat sy so moes sukkel om by hom uit te kom.
13. Na Stan Harrison se uitbarsting hardloop Erma tot in die straat waar sy gaan staan, "rooi in die gesig en so skaam dat ek gewens het ek was dood". Waarom voel sy só? Skryf twee of drie sinne.
14. Kyk goed na die laaste drie paragrawe van die verhaal. Watter verband is daar tussen die slot van die verhaal en die titel?
15. Was die afskeid van Stan Harrison finaal?
16. Is daar ironie in die woorde van die liedjie wat sy soms hoor?
17. Dit is duidelik dat daar tyd verloop het tussen die Stan Harrison-episode en Erma se woorde in die laaste twee paragrawe van die verhaal. Dink jy dit is 'n lang periode, byvoorbeeld tien jaar, of 'n korter periode, soos byvoorbeeld 'n jaar of twee? Motiveer jou antwoord deur na die verhaal te verwys.

# Uhuru – *Johan Bakkes*

## Opsomming van die verhaal

- "Uhuru is 'n gedramatiseerde vertelling waarin die verteller die leser 'n kykie gee op hoe hy en sy veertienjarige dogter dié hoogste piek van die berg Kilimandjaro in Tanzanië, die hoogste berg in Afrika, saam met 'n groep van vyf-en-twintig mense uitklim.
- In die verhaal is daar ook 'n tweede betekenis van hierdie pleknaam: Dit is 'n Afrika-woord vir Vryheid en onafhanklikheid.
- Om hulle doelwit te bereik, moet die geselskap verskeie struikelblokke oorbrug. Hoogtesiekte, 'n toestand van naarheid en duiseligheid wat ontstaan as mens te min suurstof inneem wanneer jy teen 'n baie hoë berg uitklim, is van die grootste probleme.
- Dan is daar ook uitputting, die koue klimaatsomstandighede, die verskriklike hoogtes en vrees.

Die beskrywing van hoe die verteller hulle eers deur reënwoude gesukkel het, daarna 'n lawaplato bereik het, en uiteindelik teen die laaste gedeelte van die berg met sy kranse en yslaag moes uitklim, is baie realisties en toon 'n sterk verband met ander beskrywings van mense wat die berg Kilimandjaro uitgeklim het

## Vrae:

1. Die feit dat die verteller se dogter aan a) ____ ly, tesame met die donkerte en duiselingwekkende b) ____ dra by tot spanning in die verhaal.
   Na die aanvanklike beskrywing van die nanag en oggend se klim, is daar 'n terugflits na die verlede as c) ____ van hoe die verteller-hulle besluit het om dié tog aan te pak. Hy het in die vorige jaar 'n staptog in d) ____ onderneem toe die idee ontstaan het. Toe hulle na baie voorbereidings die berg begin aandurf, moes hulle op die eerste dag deur e) ____ en m) ____ stap. Daarna het dit nog f) ____ dae geduur voordat hulle die finale bestyging van die g) ____ kon begin.
   Hierna keer die vertelling terug na die hede en deur middel van dramatisering word in die teenwoordige tyd beskryf hoe hulle die laaste stukkie van die tog beleef. In teenstelling met van sy medestappers toon die verteller baie h) ____ wanneer hy besluit om nié op te gee nie en die laaste stukkie na die i) ____ aan te durf. Met behulp van drie j) ____ in die laaste sewe reëls van die verhaal word die vreugde van hulle k) ____ beklemtoon. Die l) ____ waartoe die verteller aan die einde kom, vat alles saam: "'n Mens gaan nie so maklik dood nie!"
2. Hoe weet ons dat ons in hierdie verhaal met 'n ek-verteller te doen het?
3. Cara se toestand word in die verhaal beskryf. Aan watter toestand het ly sy en hoe raak dit die verteller se emosies?
4. Kies die korrekte antwoord:
   a. Wanneer hulle die laaste klim begin, is dit pikdonker./daglig.
   b. Hulle het besluit om die Machame-roete / Marangu-roete te kies.
5. Die verteller vergelyk die ys op die rand van die Kibo-gebergte met wit versiersuiker. Watter beeld roep dit op?
6. Waarom word in hierdie verhaal van 'n "Karookoppie" gepraat?
7. Hoe het Sammie gereageer toe hulle die kruin bereik?

## Plaaskind – *Riana Scheepers*

- Dié verhaal handel oor die besoek van ‘n beterweterige, selfvoldane kunsmisverkoopsman aan ‘n vooraanstaande plattelandse boer.
- Die verkoopsman reken daarop dat hy ‘n groot hoeveelheid kunsmis aan dié ryk man gaan verkoop en sodoende ‘n vet kommissie gaan verdien.
- Hy is geïrriteerd omdat hy met sy spoggerige motor op ‘n grondpad moet ry om daar uit te kom en wil die besigheid so gou as moontlik afhandel sodat hy kan terugkom by sy huis in die stad.
- Op pad na die plaashuis sien hy ‘n seun op ‘n trekker wat besig is om te ploeg en begin ‘n gesprek met hom.
- Die verloop van dié ontmoeting is op die oog af normaal, maar wanneer die verkoopsman uiteindelik die transaksie met die boer wil beklink, verskyn die seun in ‘n onverwagte rol en die verkoopsman leer ‘n onaangename les.
- Die boodskap wat hierdie verhaal oordra, is dat ‘n mens nie te seker van jouself moet wees nie en dat dit gevaarlik kan wees om mense te beoordeel; veral in terme van stedelik en plattelands, manlike en vroulik.

Hierdie verhaal is ‘n toonbeeld van oordrewe manlike selfversekerdheid en dat sommige mans die beeld het dat ‘n vrou nie sekere werke kan verrig nie.

**Vrae:**

1. Hoe openbaar die hoofkarakter homself?
2. Waaroor handel hierdie verhaal?
3. Kies die korrekte antwoord:
   Hy ry met ‘n maatskappymotor / sy eie motor.
4. Wat dink hy van die arbeider op die trekker se werk en wat openbaar dié gedagte omtrent hom?
5. Die verkoopsman wil nie by die huis toilet toe gaan nie.
   a. Pas dit by sy karakter soos jy hom tot in hierdie stadium leer ken het?
   b. Is die manier waarop hy sy blaas ledig ook karakteropenbarend?
6. Wat dink die verkoopsman van die boer?
7. Hoe dink jy het die verkoopsman gevoel toe hy uitvind die “seun” is eintlik ‘n meisie?

# MOONTLIKE ANTWOORDE OP VRAE IN ONDERSKEIE GENRES

## POëSIE – GEDIGTE

### Klein vrede – Antjie Krog

1. "Vanmiddag", "5.12", "Na ete", "die maan rys", "Later", "In die na-nag".
2. 'n Klein huisie met hoë mure; 'n stoepie wat op die straat uitkyk; in die slaapkamer is 'n geraamde muurteks; daar is 'n dam en windpomp, hoenderhokke en 'n kat.
3. Die huisie is half weggesteek, daarom "half toe-oog" en "ingekruip".
4. Die egpaar, die man en sy vrou.
5. Hy kom presies om 5.12 tuis, hang sy hoed aan die haak, en trek dan sy baadjie uit.
6. Sy gooi kookwater deur die koffiesak.
7. "hang hy sy hoed aan die haak"; "kookwater deur die koffiesak".
8. "darem".
9. Hy druk haar met die een arm skuinserig teen hom vas.
10. Dis nie belangrike nuus vir die buitewêreld nie, maar dat daar 'n gat in die heining is, nuus oor die hond en dat iemand met die naam "Anna-jannie" gebel het, is vir hulle belangrik.
11. Miskien dat Anna met Jannie getroud is.
12. In die boonste laai.
13. Hy lees uit die Bybel en sy bid die Onse Vader.
14. Metafoor.
15. In plaas van die normale: "Onse Vader wat in die hemel is" sê sy "Onse Vader wat hoog bo die aarde in die hemel sit".
16. Sy bid die hele "Onse Vader", met ander woorde sy gaan daarmee aan.
17. "Die maan rys soos 'n koringmeelbrood bokand die dak".
18. Nee – "omgesoomde meelsak".
19. Hy luister na die nuus oor die radio.
20. Onwaar – die nuus gebeur met ander mense en raak hom nie werklik nie.

### So long Skipskop – David Kramer

1. (a) liedjie/liriek; (b) David Kramer; (c) gesing.
2. Ses strofes.
3. 'n Visserman wat op Skipskop bly.
4. Hy praat met homself en met die dorpie Skipskop.
5. Hulle moet hul besittings oppak en Skipskop verlaat.
6. "sit jou goedjies op jou kop".
7. "môre".
8. "Skipskop Skipskop".
9. Inwoners van plekke/dorpies is deur die regering gedwing om teen hulle sin na onbekende plekke te trek (gedwonge verskuiwing).
10. Moeilik.
11. "swaarkry lê net voor".
12. 'n refrein/koorgedeelte.
13. Die blou berge (berge wat ver van hulle is).
14. Die Overberg.
15. Skipskop.
16. Sy oupa en pa het ook op Skipskop gebly.
17. Die inwoners van Skipskop loop altyd op die duine waar hulle hoort.
18. "Wat ken ek anders …"
19. Pak op, pak op.
20. Die see, die branders, die wolke en die winde wat op Skipskop is.
21. Totsiens; good bye.
22. Nee, hulle weet nie eers aan watter kant van Skipskop die dorpie Misverstand geleë is nie.
23. "Linkerhand regterhand watsekant
    lê die plek Misverstand
    Asseblief meneer sê tog weer
